## MODERNE PERSOONSVISIES.[1])

(a) *Inleidend.*

Die wyse van betiteling van die onderhawige tema suggereer tweërlei. Eerstens is daar sprake van persoons*visies*. Hieruit kan onmiddellik afgelei word dat daar geen eenstemmigheid van sienswyse oor die kategorie „persoon" en aanverwante terme soos persoonlikheid, personaliteit, indiwidu, indiwidualiteit, geïndiwidueerdheid, organisme, en meerderes van hierdie aard bestaan nie. Dit is nou maar eenmaal so dat nie alleen die wysbegeerte nie, maar ook 'n hele aantal vakwetenskappe met die persoonsprobleem gemoeid is. Naas die eersgenoemde met sy bekende en kenmerkende verskeidenheid, en sy spreekwoordelike nie-eenstemmigheid ook ten aansien van die persoonsprobleem is daar minstens die teologie, die psigologie, die sosiologie, die biologie, die psigoterapie, die historie en die pedagogiek wat direk en indirek daarmee te doen het en te doen kry. Nou is dit helaas ook so dat onversigtige vakwetenskaplike benadering en ondersoek maklik tot vakwetenskaplike veralgemening en verabsolutering aanleiding kan gee, ten gevolge waarvan die visies op die persoon in 'n reeks -ismes kan verval. Dit is veral die geval uit die biologie, die psigologie, die sosiologie en soos dit my wil voorkom, deesdae ook uit bepaalde teologiese, maar dan feitlik sektariese en op die emosie-steunende godsdienstige hervormingsbeweginge. Aan hierdie -ismegevaar sal verderaan 'n bietjie nadere aandag geskenk word. Op hierdie stadium net dit: dit lê op die weg van die genoemde vakwetenskappe om met die persoonsprobleem gemoeid te *moet* raak. Persoonsuitinge, die eksistensialia van die kategorie persoon, die dimensies waarin menswees as persoonwees veranker lê, persoonsbejeëninge, persoonsbehandeling ook as opvoeding, staan vir die rekening van een of meer van hierdie vakwetenskappe. Niemand kan enigeen van die genoemde wetenskappe die reg ontsê om die persoonsproblematiek van die een of ander kant te deurvors nie. Vakwetenskaplike outonomie mag egter nie tot 'n beskoolmeestering van ander, veral verwante vakwetenskappe, lei nie. Daar kan nie sterk genoeg teen vakwetenskaplike tirannie en eensydigheid, en veral teen veralgemening en verabsolutering van vakwetenskaplike gegewens gewaarsku word nie.

Tweedens gaan dit oor *moderne* visies in verband met die genoemde synsgrootheid, naamlik „persoon". Wat chronologies gesien, as modern beskou moet word, is nie so maklik en so dadelik uit te maak nie. Gewoonlik word van die antieke, die middeleeuse en die moderne wysbegeerte gepraat. Laasgenoemde word dan as daterende vanaf cirka 1450

[1]) Die inhoud hiervan is 'n breedvoeriger weergawe van 'n voordrag wat die skrywer op 5 Junie 1957 voor die maandvergadering van die Vereniging vir die Bevordering van die Filosofie aan die Universiteit van Pretoria gehou het.

beskou. So gesien, het ons reeds vyf eeue moderne denke agter die rug. Hierby moet in die gedagte gehou word dat gedurende hierdie half-millennium heelwat aksentverskuiwinge in die wysgerige tematiek ingetree het. Parallel hiermee het 'n byna onoorsienbare hoeveelheid deelwetenskappe hulle opwagting gemaak wat by tye die wysbegeerte na die agtergrond verdring het, en terselfdertyd belangrike probleme vir vrugbare besinning opgelewer het. Nou is die twintigste eeuse wysgerige denke in bepaalde opsigte nog 'n voortsetting van die negentiende eeuse, in ander weer die uiting van reaksie, indien nie verset nie, teen sekere -ismes uit die vorige eeu. In ander opsigte verklank die hedendaagse denke 'n poging tot verdieping en tot sintesevorming, of soos dit liewer genoem behoort te word: dit is totaliteitsdenke. Tog is dit meer as totaliteitsdenke: dit is totaaldenke as radikaaldenke. Hierdie radikaaldenke is in menige opsig alles behalwe rasioneel; dit is irrasioneel-ideologies.

Onder moderne persoonsvisies kan verstaan word die kontemporêre denkbeelde oor die kategorie „persoon". En tog behels die term kontemporêr darem meer as die denke van die dag of selfs dié van die meer as halwe eeu wat ons sedert die jongste eeuwenteling agter die rug het. Denkbeelde ontspring nou maar eenmaal nie soos paddastoele nie, nog minder skommel hulle kalendergewyse. Hulle vertoon altyd die kenmerke van die historiese kontinuïteit, selfs al is daar 'n sterk dialektiese element in hierdie kontinuïteit. In ons gewaande oorspronklikheid dink en herdink ons steeds die denkbeelde van ons voorgangers. Dit beteken geensins dat daar stagnasie by ons ingetree het. Inteendeel: daar kan met reg van vroeëre en van nuwe of kontemporêre persoonsvisies of personologieë gepraat word. Hierdie eeu ken reeds *drie* golwe personalistiese denke, met 'n *vierde* wat tans besig is om hom te voltrek en soos ek my daarvan oortuig hou, verskyn 'n *vyfde* reeds duidelik aan die horison. Maar hieroor later meer in besonderhede.

(b). *Die Term Persoon nader toegelig.*

Op hierdie stadium word dit gerade geag om 'n bietjie aandag aan die term persoon in etimologiese verband te skenk.

Ons staan voor die merkwaardige feit dat verskillende volkere telkens 'n deel van die konkrete mens as soortlike wese uitgekies het om aan die hand daarvan as 't ware intuïtief die diepe klank wat in die term opgesluit lê, aan die lig te laat tree. Hierdie gekose gedeelte is die kop, waaronder spesifiek die vooraansig daarvan, naamlik die gesig of die gelaat. Geen beter keuse kon gemaak gewees het nie, en wat meer is: geen ander keuse was moontlik nie. Dit is slegs via hierdie struktuur dat die tipies menslike en die menslik tipiese, meer nog: dat die uniekheid van menswees as persoonwees in sy funksioneel-normatiewe opset tot uitdrukking kom.

Die Hebreër ken die woord „*panim*" wat gesig of gelaat beteken. In die Oue Testament word van „*panim el panim*" gewag gemaak, betekenende van aangesig tot aangesig. Die betekenis van „*panim*" spreek wellig die duidelikste uit die werkwoordelike vorm daarvan, naamlik „*pana*" wat beteken om jou tot iemand te kan wend, of na iemand te kan rig, dus die

gesig te kan draai. Hierin skuil die gedagte van *luister na*, van *beluistering*, van *aanhoor* en *uitvoer* van 'n boodskap, opdrag, wekroep of gebod. Wanneer in Psalm 27:8 en 9 gelees word: „Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o Here! Verberg U aangesig nie vir my nie, wys U kneg nie af in toorn nie," dan beteken dit dat die mens na God kan en moet luister, en dat God op sy beurt 'n oor vir die mens het. Dit dui op 'n tweegesprek: die een spreek en die ander antwoord. *Panim* in oordragtelike sin impliseer 'n boodskap, opdrag of taak wat uitgevoer moet word. Wat meer is: om persoon te wees, beteken om voortdurend met 'n taak gekonfronteer te wees. Persoonwees beteken om in 'n aanhoudende tweegesprek gewikkel te wees. Dit beteken niks anders nie as om geroepene en aangesprokene te wees, en synde dit, kan daar gehoor en geantwoord word. Persoonwees dui dus op 'n geroepenheid tot aanvaarding van verantwoordelikheid as gehoorsaamheid. Teologies wortel hierdie gedagte in die besef dat die mens na die beeld van God geskape is; hy is die wese waarmee God bemoeienis maak. Die mens stel hom oop voor God Wie hom die weg wys wat hy moet gaan. So gesien, is daar geen onwrikbare juridiese reëls wat die verhouding van mens en Transendensie op punktueel-werktuiglike wyse reël nie. Die ou-testamentiese profete was steeds die pleitbesorgers vir die aktualiteit van die keuse in die konkrete situasie, synde 'n keuse in verantwoordelikheid voor God en teenoor die naaste. Dit is geen fatum wat die gang van die mens bepaal nie, maar beslissinge in vryheid as persoonlike verantwoordelikheid teenoor 'n persoonlike God en die mede-skepsel. Die persoonlike God roep en ontmoet die persoonlike mens; dit is die mens as persoon wat antwoord of weier om te antwoord. Uit hierdie persoonlike verantwoordelikheid teenoor en voor Hom wat roep, vloei ook voort die eerbied vir die waardigheid van die medemens as skepsel-persoon van God.

Die Griekse „*prosôpon*" dra vrywel dieselfde betekenis as die Hebreeuse „panim". Dit was egter maar eers anderhalf eeu v.C. dat die filoloog Aristarchus van Samothrace die term gebruik het om die werkwoordsvorm vir die eerste, tweede en derde persoon aan te dui.[2]) Nie een van die drie Griekse grootmeesters ken die „persoon" as selfstandigskeppende grootheid en bedeel met onvervreemdbare regte en pligte nie, wellig omdat die staat as kollektiewe begrip so 'n oorheersende rol by die klassieke wysgere speel. Wel is die voorbereidingswerk vir die ontdekking van die persoonsgrootheid gedoen, soos onder andere blyk uit die ontbinding van die kollektiwiteit met die daarmee gepaardgaande proses van indiwidualisering en die persoonlik-gerigte lewensleer soos dié deur die latere filosowe in die antieke wêreld versprei is. Die feit bly egter staan dat die hier-nou bestaande mens in die antieke denke grootliks aan die algemene of die idee opgeoffer is. Hierdie verbygaan aan die konkrete word in 'n besondere mate in die wysgerige denke van Plato aangetref. By hom gaan dit om die algemene, die hoogste waarde, die idee van die

---

[2]) Kyk DE WILDE, A.: *De Persoon*, p. 18 e.v. Assen, 1951.

goeie. Elke verkonkretisering en verindiwidualisering doen die algemene geweld aan; enige verbesondering en verstofliking beteken 'n verontreiniging van die goeie. Die menslike in Sokrates byvoorbeeld is nie sy indiwiduele persoon nie, maar die uiting van gehoorsaamheid aan die idee van die mens. By Aristoteles val die aksent wel nie soseer op die abstrak-algemene nie, as op die konkreet-biologiese. Sodoende word die soort tot die hoogste kategorie verhef.

En tog: in weerwil daarvan dat aan die konkreet-indiwiduele in die Platoniese denke verbygegaan is, blyk dit nogtans baie duidelik dat dit om oneindig meer as 'n geïndiwidueerdheid en konkreetheid op benede-personale vlak gaan. Dit is geïndiwidueerdheid-in-gehoorsaamheid en konkreetheid-met-opdrag om op die wekroep uit die algemeen-goeie te antwoord deur beslissinge ten dienste daarvan te neem en uitvoering daaraan te gee.

Ook die Latynse „*persona*" het in 'n soortgelyke betekenisverband sy opwagting in die literatuur gemaak. Oor die juiste herkoms van die woord bestaan daar 'n mate van onsekerheid. Sommige navorsers is van oordeel dat dit van die Griekse prosôpon afkomstig is, andere dat dit van die oud-Latynse *persum* stam wat hoof of gesig beteken. Die meeste huldig die sienswyse dat die oorsprong in die werkwoordsvorm geleë is, naamlik *personare*, wat *deurklanking* („durchtönen") beteken. In 'n baie resente werkie word die volgende aangaande die terme „persona" en „personare" vermeld: „Das lateinische ‚persona' erinnert uns an das verbum ‚personare', von dem es offenbar abgeleitet ist und das zu deutsch ‚durchtönen' bedeutet. — Das Wesen nun das selbst zu tönen, zu sprechen, zu singen vermag, zugleich von etwas auszer ihm Seienden durchtönt oder angetönt werden kann, und das sich beiden Vorgänger voll bewuszt ist, nennen wir nun Person".[3])

Iemand soos Kuypers sê: „Zoals bekend, was ‚persona' oorspronkelijk het mom, het masker, dat een toneelspeler voordeed en door hetwelk hij heen sprak (personare). De bedoeling was geen andere dan te suggereren, dat de man die het masker droeg een ander wezen voorstelde, dan hij in werkelijkheid was. De suggestie betrof een persoons- en wezensverandering, en niet (alleen maar) een verandering in uiterlijkheid."[4])

Die term *persona* het dus verband met die masker wat die klassieke toneelspeler gedra het. Deur die groot mond daarvan het die stem van die speler na die gehoor deurgeklink. Hierdie speler met sy masker oor die gesig of die gemaskerde gesig self kondig 'n boodskap aan; hy maak 'n idee bekend. Hy is „aangeklink" (angetönt), terwyl die aangeklankte nou verder deurklink (durchtönen = personare). Iets onwaarneembaars raak hom om deur die sigbare van die gesig verdere uitdrukking of vergestalting te vind. Die gesig is dus die medium waardeur 'n wekroep tot ander gaan,

---

[3]) Egon, C.: *Der Mensch, das rätselhafte Wesen*, p. 25. Buenos Airies, 1956.
[4]) Kuypers, A.: *Een paedagogische Beoordeling van het Amerikaanse Persoonlijkheidsbegrip*, p. 7. Amsterdam, 1951.

en wel ander wat hulle gesigte op die gesig wat as klankmedium vir 'n bepaalde idee dien, kan draai. Om persoon te wees, beteken derhalwe om die opvanger, die ontvanger, die draer, die aankondiger, die boodskapper en die uitdraer van 'n idee te kan wees. Die klem val deurgaans op die funksionele aspek daarvan, hierdie „angetöntwerden" en „durchtönenlassen".

Wat met verwysing na die voorafgaande onderstreep moet word, is dat die term „persoon" vir doeleindes van aanskoulikheid steeds in die allernouste verband met die kop en wel die vooraansig daarvan gesien moet word. Die gesig is die sprekendste en die mees effektiewe deel om as medium vir die deurklank van iets anders en wel iets diepers te dien. Hierdie andere, hierdie tot die mens komende, hom aansprekende, opdragtelike, wekroepelike en hom opeisende het vir doeleindes van konkretisering die mens in sy lyflikheid, by uitstek die gesig, nodig. Die „persoon" is egter iets totaal anders as die gesig met sy besondere orgaanposisionaliteit. Dit simboliseer 'n grootheid van funksioneel-dinamiese aard; die gesig dien enkel om die personaal-etiese te verklank. Die „persoon" werk en spreek deur die gesig waardeur die binding met die konkreet-aanskoulike gehandhaaf bly. Die „persoon" is nie hierdie konkreet-aanskoulike nie; hy het iets aanskouliks waardeur hy hom kenbaar maak. Persoonwees vereis dus 'n verbondenheid met die dimensies van die benede-personale. Tegelyk is die „persoon" egter geen blinde gegrepenheid in die wetmatighede van die fisies-chemiese, die biologiese en die animale nie, want sou dit die geval wees, dan is die mens suiwere faktisiteit. Dan bestaan daar nie die minste aanleiding om die term „persoon" ooit te gebruik nie. Die persoon het en verg 'n fisikalies-biologiese onderbou waardeur dit sy konkreetheid as numeriese geïndiwidueerdheid ontvang. Dit kan te nimmer van die dimensies van die benede-personale losgemaak word nie. En tog oorskry dit die grense van hierdie noodsaaklike anorganies-vegatief-animale wetmatighede. Hierdie vermoë tot oorskryding kom uit die dimensies van die personale en is funksioneel-eksistensieel-normatief in aard en werkwyse. Die mees kenmerkende van die personale is dan ook die normerende krag wat daarvan uitgaan. Wie die gedagte toegedaan is dat die mens 'n wese is *met* wie dinge maar net gebeur, dit wil sê dat hy die blinde, steeds veranderende produk van fisies-chemiese, biopsigiese en sosiale prosesse is, verstaan van menswees as persoonwees en dus van lewe op personale niveau presies mooi net niks nie. Lewe op laasgenoemde niveau is sowel deel van alle vorme van lewe as wat dit sig wesenlik van alle vorme van lewe op die vlak van die benede-humane onderskei. Sodra dit dan ook om lewe op personale vlak gaan, word die aanwending van ander kategorieë gebiedend essensieel. Wie meen dat hy persoonslewe in terme van die fisies-chemiese, die biologiese en die animaal-psigiese kan verklaar, beslis eksistensieel ten gunste van 'n naturalistiese mens- en lewensvisie.

Die personale lewe is een wat deur bewus gewilde veranderinge gekenmerk word. Sodanige veranderinge is genormeer, terwyl normering

die aanwesigheid en die invloed van gees verklank. Wie geen draer van gees is nie, kan hoogstens indiwidu wees. Nou beteken menswees as persoonwees om ook indiwidu te moet wees. Dit is egter oneindig meer as 'n gegrepenheid in, 'n gedrewenheid deur en 'n uitgelewerdheid aan biopsigiese en sosiale noodwendighede. Indien sulks die geval moet wees, dan is die mens loutere faktisiteit, 'n blote „Soseinmüssen'. Die kenmerkende en tegelyk die essensiële is dat die mens oor selfbewussyn beskik kragtens welke hy sy noodwendighede kan oorskry; hy is moontlikheid, want hy is eksistensie in vryheid. Nou is dit juis hierdie eksistensie as die „Eigenart und Sonderart menschlichen Seins" wat op 'n „aus sich heraustreten und sichselbst sich gegenüberstellen können" dui dat die mens geen „Soseinmüssen" is nie, maar 'n „Anderswerdenkönnen", meer nog 'n „Anderswerdenmüssen" op grond van 'n „Anderswerdensollen". Dit is hierdie anders-behoort-te-wees, hierdie behoorlikheidsbesef, wat menswees tot persoonwees verhef. Wie persoon sê, dink aan 'n wese wat oor selfbewussyn beskik. Selfbewussyn impliseer afstandsbewussyn of die vermoë tot selfdistansiëring. Laasgenoemde verg normbewussyn as behoorlikheidsbewussyn. Alle benede-personale bewussyn is geeslose, gedrewe en gedweë bewussyn. Die dier moet wees soos hy lyk, daarom dat die dierlike gesig nie so opvallend van die res van die liggaam afgegrens is nie, soos dit by die mens wel die geval is. Dit mag vrywel gesê word dat die hele dierlike liggaam gesig is of dat oral gesig aangetref word wat inderdaad en wesenlik daarop neerkom dat nêrens gesig as verklankings- en vertolkingsmedium aangewys kan word nie. Innerlikheid en uiterlikheid hoort bymekaar; die een is die ander.

In die geval van die mens kan dit juis so fundamenteel anders wees. In die strenge sin van die woord word geen dier ooit voor 'n keuse geplaas nie. Hy is situasievrye wese, 'n wese met wie dinge maar net gebeur. Daar bestaan nie die geringste noodsaaklikheid of behoefte om ooit te riskeer nie. Alles wat die dier oorval, is hom meegegee; hy is sy bestaan en hy bly loutere bestaan. Verlede, hede en toekoms is elke moment ongeskeie aanwesig, daarom dat geen dier ook 'n werklike hede ken nie. In elke hede is sowel verlede as toekoms verenig; die beeld wat hy is, omsluit hom en gryp hom was, daarom dat hy hom elke oomblik uitteken. Die mens daarenteë word telkens sy hede en wel omdat hy oor die beeld van die netnou kan beslis. Wat die dier is, gebeur *met* hom; wat met die mens word, laat hy gebeur. En hy laat gebeur wat hy bereid is om te gehoorsaam. Die diepsinnige, Switserse kultuurfilosoof van ons dag, Max Picard, skrywe dienaangaande treffend soos volg: „Der Mensch kann entscheiden darüber, ob er sein will, wie er aussieht; er kann entscheiden über sein Bild; über das Tier ist entschieden *mit* seinem Bild. Es ist eingeschlossen in sein Bild, es kann nicht heraus. Dadurch sind die Tiere getrennt vom Menschen, und es gibt keinen Uebergang zwischen dem Tier und dem Menschen, wohl aber kann der Mensch hin zum Tier, das Tier gehört dadurch dem Menschen."[5])

[5]) PICARD, M.: *Die Grenzen der Physiognomik*, p. 174. Zürich, 1952[2].

Ook 'n ander kultuurfilosoof van ons dag, Denis de Rougemont, benadruk in menswees as persoonwees die gedagtes van roeping, daad en verpligting as konstitutiewe elemente daarvan besonder sterk. Vir hom is persoonwees indenties met geroepenheid en aangesprokenheid as kreatiewe funksies. 'n Roeping is allermins iets wat die mens self kies. Sodra daar van die keuse van 'n roeping sprake is, word dit 'n indiwidueel-willekeurige aangeleentheid en word die betekenis daarvan geweld aangedoen. Om persoon te wees, beteken om met 'n taak gekonfronteer te wees, 'n taak wat as opdrag *tot* die mens kom. Vir die uitvoering hiervan moet daar die bereidwilligheid tot verantwoordelikheid en toerekening bestaan. Persoonwees as geroepenewees beteken dus om in die uitvoering van die opdrag persoonlikheid te word. Om persoon te wees, beteken om geaktiveerde te wees. Dit dui op daadverrigting as die aanwending van die vryheid, as gehoorsaamheid tot verantwoordelikheid. Die fondament van die wordende persoonlikheid is die daad.[6])

In die voorafgaande opmerkinge is gepoog om te laat blyk dat die term persoon deur 'n diepe klank gedra word. Dit is die simbool vir die aanklank en die uitklank van iets anders. Hierdie ,iets anders' is van 'n appellatief-normatiewe aard met keuse-beïnvloedende en dus gedragswysigende krag. Dit vereis die dimensies van die biopsigiese en die sosiale, *maar kom geensins daaruit voort nie. Nog minder is dit daarvan afhanklik.* Deur die persoon klink, waai of tril bepaalde regulatiewe prinsipes. Wie persoon sê, het die fakultatiewe van menswees in die gedagte. Hiermee word bedoel dat dit deel van menswees is om keuses te kan maak en verandering teweeg te bring, nog sterker: dat hy verplig is om beslissinge te *moet* neem. Wat is die mens anders as 'n tot keuse verpligte en 'n tot vryheid gedoemde wese? In verband met ons persoonwees gaan dit om funksionaliteite soos Dasein, eksistensie, transendensie, vryheid, omstellingsmoontlikheid, gehoorsaamheid, verantwoordelikheid en toerekeningsvatbaarheid. Vir Kant as dié filosoof van die kultuur van die Weste lê die kern van die persoonsbegrip in die aanvaarding van verantwoordelikheid. Sy bekende woorde lui: „Person ist dasjenige Subjekt, dessen Handlungen einer Zurechnung fähig sind."

En nou pleit ek daarvoor dat sodra ons die term persoon en sy korrelate, naamlik persoonlikheid en personaliteit gebruik, ons dié steeds in die lig van die grondbetekenis daarin sal lees, verstaan en bedoel. Dit het in ons land en veral in ons wysgerig-psigologies-sosiologies-pedagogiese denke dringend tyd geword om met mag en krag uit die kloue van die scientisme en die naturalisme los te kom. Die verhewe idee wat in die begrip persoon opgesluit lê, is helaas pynlik verscientifiseer en vernaturaliseer.

---

[6]) De Rougemont, D.: *Persoonlijkheid als Roeping in dezen Tijd.* (Nederlandse Vertaling deur Houwink) Kyk veral hoofstukke 1 en 2. Amsterdam, 1940.

(c) *Verwante Terme nader omskrywe*

Dit word gerade geag om in hierdie paragraaf op saaklike wyse verdere begripsonderskeidinge uit te voer. Met hierdie onderskeidinge sal menige leser wellig nie akkoord wees nie. Enkele van hierdie begrippe is reeds genoem en indirek toegelig. Hulle is persoonlikheid, personaliteit, indiwidu en organisme. Telkens moet hulle naas en selfs teëstellend met die term persoon gesien word. Ons kry dan te doen met persoon en persoonlikheid, persoon en personaliteit, persoon en indiwidu, en persoon en organisme.

Wat *persoon naas persoonlikheid betref*: Kuypers skrywe in hierdie verband soos volg: „Deze termen gebruikt men vaak door en voor elkaar. Soms doet men dit gemakshalve, of omdat men, in een bepaald verband, geen reden heeft, beide termen te onderscheiden. — Reeds louter taalkundig bezien valt er direct een duidelik verschil te constateren. Persoon verhoudt zich tot persoonlijkheid, zoals man tot mannelijkheid, vrouw tot vrouwelijkheid, kind tot kinderlijkheid, God tot Goddelijkheid. De grondwoorden duiden telkens *een bestaansvorm, een bepaald wezen aan, terwijl de afleidingen aanduidingen zijn van wat aan dat wezen toebehoort, resp. van al hetgeen van dat wezen uitstraalt, zijn openbaring, zijn ,actieradius.'* Logisch gaat altijd de heer aan de heerlijkheid, de persoon aan de persoonlijkheid enz. vooraf. Heerlijkheid kan men zich in principe niet denken zonder heer, persoonlijkheid niet zonder persoon. Men kan verwachten, *dat extreme empiristen geneigd zullen zijn, het oog uitsluitend te richten op de openbaring, dus op de persoonlijkheid; dat zij de persoon in stricte zin negeren; en evenzo, dat zij er gemakkelijk toe komen, de beide termen promiscue te gebruiken. Gebruikt men de termen, anders dan gemakshalve door en voor elkaar, dan betekent dit, dat men een reël verschil niet erkent of opzettelijk verwaarloost.*" (Kursivering deur my).

Die verhouding tussen die begrippe spreek myns insiens uit die aangehaalde woorde besonder duidelik. Soos die outeur tereg daarop wys, dui „persoon" 'n bestaansvorm, 'n synsgrootheid aan, terwyl „persoonlikheid" die daarvan afgeleide is om deur middel daarvan aan te toon wat aan daardie wese eie is. Nog belangriker is die opmerking dat persoonlikheid dit is wat van daardie wese uitstraal, te wete sy openbaring of sy vergestalting, of soos hy dit met 'n besonder effektiewe term aandui: die persoonlikheid is die aksieradius van die persoon. In aansluiting by hierdie so waardevolle onderskeidinge word ook die volgende bygevoeg.

Persoon is 'n synsgrootheid wat in menswees veranker is. Elkeen wat mens is, is persoon en hy bly persoon. Terloops: die term „mens" word, streng genome, enkel vir doeleindes van onderskeiding aangewend. Wanneer ons van 'n mens praat, bedoel ons nie 'n engel of dier nie. En wanneer oor menswees nagedink word, het ons by uitstek die persoonwees van menswees in die gedagte. Die pasgeborene is, sodra hy indiwidu word, meteen persoon; die senile grysaard is persoon, so ook die mees

---

[7]) KUYPERS, A.: *Aangehaalde Werke*, pp. 6-7.

swaksinnige en die volslae kranksinnige. Die pasgeborene het nog geen persoonlikheid nie; die swaksinnige sal dit nooit hê nie; die kranksinnige het dit moontlik verloor, terwyl die grysaard besig is om dit te verloor. Wat nou ook die geval mag wees: die grootheid „persoon" is nie van die aan- of die afwesigheid van persoonlikheid afhanklik nie. Persoonlikheid is gebind aan en afhanklik van „persoon"; ‚persoon' kan vanweë allerlei nie alleen verdomp wees nie, maar totaal stom wees. Nogtans is selfs 'n sodanige menslike wese steeds persoon.

Die voorafgaande stellinge word op twee oortuigings gegrond. Eerstens: elkeen wat mens is, afgesien van ouderdom, geslag, kleur, biopsigiese gesteldheid, reaksiemoontlikheid of reaksiewyse in gegewe konkrete situasies is die draer van waardigheid (Würde). Kant het gesê dat elke ding sy waarde het, maar dat slegs die mens waardigheid is. Geen mens mag dan ook ooit deur 'n ander as middel vir 'n doel gebruik word nie; die mens is steeds doel op homself. Waardigheid is die onvervreemdbare reg wat elkeen wat mens is, toekom. Elke draer van waardigheid dwing tot eerbied, en wel eerbied vir die onontrafel- en onontraaiselbare geheimenisse wat in elke menslike wese skuil. Tweedens: elkeen wat mens is, is meer as die produk van blote erflikheidswetmatighede en verdere biopsigiese prosesse. Ons persoonwees is nou maar eenmaal nie in die wetmatighede van die benede-personale gevange nie, nog minder is die essensie daarvan daaruit afkomstig. Die persoon, die personale gees, die geestelike eksistensie, is geen erfbare of oorhandigbare grootheid nie. Elkeen wat mens is, verteenwoordig iets wat syne alleen is. Sy psigofisikum huisves iets nuuts, iets unieks. Vir die suiwere idealis is die persoon, metafisies gesien, 'n eenmalige en 'n onherhaalbare losgeraaktheid uit die wêreldsiel. Vir die teïs kan die gedagte van eiesoortige geskapenheid niks minder beteken nie as die verhewenheid van die geskapenheid en die aangrypende van die menswording van God ter wille van elkeen wat mens is. Die uitgesproke scientis, naturalis en materialis sal gewonne moet gee dat die natuurkragte van watter aard en werkwyse hulle nou ook mag wees, nie alles kan verklaar wat ons by die mens aantref nie. Telkens is daar 'n plus wat die uitsonderingsposisie van die mens in hierdie wêreld moontlik maak.

Persoon is daardie wese wat oor uitstralings-, openbarings-, verklankings- of vergestaltingsmoontlikhede beskik, moontlikhede wat werklikhede kan word of nie kan word nie. Hy het 'n aksieradius, afgesien daarvan wat die lengte of die arm daarvan, of die aard van die veld wat deur die radius beskrywe word, nou ook mag wees. Radius en veld wissel voortdurend en wel na gelang van die aard van die aktivering vanuit die sentrum van die persoon. Daar is steeds wording, ook al is dit verwording, maar dan nie gesien vanuit sy biopsigiese onderbou nie. Dit is wording of verwording in eksistensieel-etiese opsig. In werklikheid mag geen mens van homself sê dat hy is wat hy is nie, maar dat hy, eksistensieel-eties, is wat hy telkens word, opdat hy, ontologies, kan word wat hy is. „Persoon" is 'n ontologiese grootheid met 'n ek as selfbewuste, aktiverende kern en waar-

by geïntegreer is eksistensie, transendensie, vryheid, verantwoordelikheid en omstellingsmoontlikheid. Elkeen wat mens is, is persoon en word persoonlikheid, en hy word dit aanhoudend. Hierdie gedagte kan ook so gestel word: wat iemand is, naamlik persoon, dit bly hy; wat hy deur wording het, kan hy óf verryk óf verloor. Kohnstamm het hierdie gedagte van die moontlikheid van die voortdurende uitbou van die persoonlikheid treffend in die tweede band van sy Schepper en Schepping met die subtitel *Persoonlijkheid in Wording* tot uitdrukking gebring.

Die ondervinding van elke dag plaas ons aanhoudend in die aangesig van die rykste verskeidenheid onder en tussen mense. Daar is verskeidenheid ten aansien van kleur, geslag, liggaamsbou, gehalte van die verstand, aard van die temperament, rigting van die belangstelling, en algemene en besondere begaafdhede. Hierdie verskille is, wat ek graag noem, verskille in die komponente van die sielkundige karakter. Hulle is met die uitsondering van die rigting van die belangstelling geërfde en erfbare groothede, en vrywel konstant dwarsdeur die lewe. Hulle verteenwoordig die faktiese of die feitelike aspekte van ons menswees. Hierdie biopsigiese gesteldhede is onteenseggelik deel van ons persoonstruktuur. Maar nou is hulle nie die enigste *en beslis nie die belangrikste nie*. Die eintlike verskille tussen mense lê nie op die gebied van hierdie faktiese nie, *maar op diê van die wyse van aanwending van die aktkomponente uit ons persoonwees, te wete ons eksistensie as wyse van transendensie, ons verantwoordelikheid vanweë ons vryheid, ons bereidwilligheid om toegereken te word vir wat ons laat gebeur en veral ons antwoord op die onvermydelike en die onafwendbare wat ons oorval en waarteen ons geen verweer het nie*. Kortweg: dit gaan om die aard van die keuse wat daar in die konkrete situasie waarin ons ons bevind, gemaak word. Die keuses wat daar gemaak word, kom uit die kern van ons persoonwees. Kragtens ons persoonwees is elke keuse 'n antwoord op die appél, die wekroep, die aangeklinktheid of aansprokenheid deur die situasie. Dit is die antwoord via die situasie uit die kern van iemand se persoonwees wat sy persoonlikheid uitmaak. „Persoonlikheid" beteken vir my nie „gelykend op die persoon" nie, maar die uitstralende krag vanuit die persoonskern.

Persoonlikheid as wordende vormgewig is steeds die vormgewing aan iets. Die kernvraag is: wat is hierdie iets waarop die persoon moet antwoord en waarteenoor hy hom moet verantwoord. En dit bring my by 'n tweede ewe diepgaande verskil en diepgrypende verskille tussen mense en veral groepe. Hierdie verskille is van antropologiese en aksiologies-ideologiese aard. Persoonwees in sy diepe klank van antwoordende-wesewees is binne die raamwerk van die sosiaal-kultureel-historiese milieu waarin elke mens noodwendig is, steeds die antwoord op twee sentrale vrae, naamlik dié van wesensbepaling van en taakbepaling vir die mens. Die eerste vraag lui: hoe word daar oor die herkoms, die wese en die bestemming van die mens „gedink"; die tweede: watter taak word aan die mens toegewys? Wat is die idee van die hoogste goed wat deur die mens verwesenlik moet word? Die antwoorde op die eerste vraag is meer as

van 'n teoreties-wetenskaplike aard. Daarin lê ook irrasionele momente opgesluit, daarom dat die taakkarakter van die lewe in die meerderheid gevalle 'n uitvloeisel van die plek- en die wesensbepaling van die mens is. Omgekeerd: sodra ons weet hoe daar oor die hoogste goed en sy verwesenliking gedink word, weet ons ook wat die visies is ten aansien van die wese, die herkoms en die bestemming van die mens. Die antwoorde wat hierop gegee word, is egter so verskillend en uiteenlopend. Daar is die scientiste waarby ingereken word alle naturaliste, ewolusioniste en materialiste; daar is idealiste en daar is teïste, elkeen met eie verdere variasies as antwoorde op die twee gestelde wesensvrae. Elkeen sien die herkoms, die wese en die bestemming van die mens, en die daarmee gepaardgaande taak waarvoor hy geplaas is anders. Bygevolg sal nie alleen die aard van die verklanking vanuit die persoonskern verskillend wees nie, maar ook die waardering van hierdie verklanking. Die vergestalting kan gerig wees op en gewaardeer word in terme van, onder andere, die beoefening van die komponente van die biopsigiese waaronder die „uitlewing" (wat 'n misplaaste en afkeurenswaardige term om in verband met die diepe klank wat in menswees as persoonwees opgesluit lê, te gebruik!) van sy driftelikheid, die „aanpassing" ('n term wat uit die wêreld van die biologie stam en wat myns insiens *nooit* in menslike verhoudinge gebruik mag word nie) by die gemeenskapsbehoeftes in hulle steeds veranderende opset, die gehoorsaming aan die gesag uit 'n transendente waarderyk en die gehoorsaamheid aan die gesag van God.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die begrip persoonlikheid steeds op die vertolking van iets partikuliers dui. Die persoonlikhede van mense verskil omdat hulle antwoorde verskil. Die antwoorde verskil omdat die taakkarakter waarvoor die mens hom geplaas ag, verskil en omdat die antwoord op die taakkarakter verskil. Nou leer die ondervinding en bevestig die geskiedenis dat elkeen en elke groep hom druk maak om sy idee van die hoogste goed waarin 'n bepaalde rangorde van waardevoorkeur vir bestrewing opgesluit lê, te verwesenlik. Ons wat volwassenes is en wie se persoonsuitinge reeds 'n vaste rigting van waardeverwesenliking as waardegehoorsaamheid aangeneem het, bemoei ons met die vormgewing aan wordende persoonlikhede. Hierdie bewuste, doelbewuste, opsetlike, sistematiese en verantwoordbare aktivering van die persoonskern van 'n ander noem ons opvoeding. Wesenlik is opvoeding niks anders nie as die bewusmaking van die opvoedeling van sy aangesprokenheid as persoon. Omdat die inhoudelike van die aangesprokenheid so verskillend geïnterpreteer word, daarom is die aard van die bemoeienis ook so verskillend. Aan sake van hierdie aard kan geen verdere aandag geskenk word nie.

Deesdae word vroeg en laat van die noodsaaklikheid van persoonlikheidsvorming gehoor. Hierteen kan niemand enige beswaar hê nie, veral wanneer ons weet dat hierdie vergestalting vanuit die kern van die persoon geskied. Verder hoor en lees, en is baie die ooggetuies van en die meedoeners aan metinge van die persoonlikheid aan die hand van reekse

tegnieke. Hiermee verbandhoudend hoor en weet ons van beroepsvoorligting, beroepskeuseleiding, beroepsopleiding en meerdere verwante begrippe en praktyke. Teenoor die meeste van hierdie praktyke, veral die tegnieke daarvan, staan ek 'n bietjie krities, by uitstek teen dié wat hulle met die meting van die persoonlikheid besig hou. Die oortuiging word gehuldig dat die persoonlikheid as wordende grootheid in sy gemotiveerdheid vanuit die persoonskern nie kwantifiseerbaar is nie. Dié dinge wat aan die periferie van daardie synsgrootheid lê, soos die komponente van die sielkundige karakter, is moontlik meetbaarhede. Wat van die aard en die „grootte" van hierdie komponente gaan word, is tog nie daarvan afhanklik nie. Wat daarvan gaan word, dit wil sê die aksieradius, kom vanuit die kern van die persoon. En laat ons dit maar sê: wanneer dit om dinge soos vryheid, eksistensie, verantwoordelikheid, ensovoorts gaan, staan ons voor onpeilbare, misteriese groothede. Hulle laat hulle nie meet nie! Diegene wat pretendeer dat hulle die persoonlikheid kan meet, moet met maatstawwe van 'n alles behalwe kwantitatiewe aard voor die dag kom. Bepaalde puntskale mag van die gewenste teëstellende aard wees. Grade is egter nog geen teëstellinge nie en wat meer is: sulke teëstellinge is gewoonlik die uitdrukking van 'n bepaalde taakkarakter waarmee die mens in sy lewe van keuses gekonfronteer is. Is die toepassers van hierdie skale, of watter maatstawwe ook al, daarvan bewus dat hulle maklik met totale vreemdhede by die proefpersone aankom? En is dit nie so nie dat ons in ons beroepsvoorligtingswerk te veel nadruk op die grootste ooreenkoms tussen die komponente van die sielkundige karakter en die objektief-werktuiglike vereistes van die beroep lê nie? Skenk ons genoegsaam aandag aan die persoon in sy lewe van eksistensiële beslissinge waaronder ook sy spontane bereidwilligheid tot verantwoordelikheid? Vergewis ons ons genoegsaam van die lewensopvatting van die onderhawige persoon en van sy konstante gehoorsaamheid aan die eise van daardie lewensopvatting?

Oor die begripspaar *persoon en personaliteit* kan baie kort gehandel word, veral aangesien heelwat van wat reeds gesê is ook verband hiermee het en bygevolg nie herhaal hoef te word nie. Nou is dit wel so dat die term „personaliteit" selde in die vakliteratuur aangetref word. Die bekende Spranger bedien hom meermale van hierdie term. Die gebruik daarvan is myns insiens aan te beveel. Dit kan selfs as noodsaaklik beskou word.

Onder „personaliteit" kan minstens tweërlei verstaan word. Eerstens kan daarmee bedoel word die kern van die persoonstruktuur. Hierdie kern is, soos aangetoon, die ek as aktiveringsbron waarmee saamhang eksistensialiteit, transendensie, vryheid, verantwoordelikheid en die moontlikheid van omstelling deur keuses in gehoorsaamheid aan 'n wekroep wat deur die persoon klink. Die personaliteit van die persoon dui dan op die sedelike momente as die kragsbron vir die lewe van keuses. So gesien, is personaliteit 'n suiwere onderskeidende aangeleentheid. Die komponente van die sielkundige karakter, hoewel hulle 'n onafskeide-

like deel van menswees as persoonwees uitmaak, hoort dan nie tot die personaliteit van die persoon nie. Tweedens kan die personaliteit betrekking hê op die aard van die aksieradius, die uitinge van die konkrete persoon. Die personaliteit van die persoon verwys dan na die kern van die persoonlikheid as die wyse van vergestalting van waardes in die opeenvolgende konkrete situasies waarmee elkeen voortdurend gekonfronteer is. Dit is die manier van aanwending van die aktkomponente uit die persoonskern, veral wanneer daar teenoor die onvermydelike en die onafwendbare te staan gekom word. Die personaliteit van die persoonlikheid is dan die aard van die konstante gehoorsaamheid aan die eise van die lewensopvatting wat in enige konkrete situasie die betrokkene aanklink. Anders uitgedruk: die personaliteit van die persoonlikheid is die konstantheid van voorkeur, keuse en wilsrigting op die inhoud van iemand se aangesprokenheid onder die gesag waarvan hy hom vrywillig plaas. Personaliteit in hierdie verband is geen onderskeidende nie, maar 'n waarderingsaangeleentheid.

Oor die verhouding *persoon-indiwidu* kortliks die volgende: Reeds is daarop gewys dat die lewe op personale vlak as 'n normatiewe en normerende aangeleentheid steeds die aanwesigheid van die benede-personale vereis. Menswees as persoonwees beteken 'n in-die-wêreld-wees en dit beteken om ook in die wetmatighede van die fisies-chemiese, die organiese en die animaal-psigiese veranker te wees. Die mens verenig al die dimensies van die werklikheid in hom; hy is 'n mikrokosmos: én fisies-chemiese meganisme, én organisme, én wese met bewussyn én selfbewussyn. Die mens is lyf-siel-geeseenheid, 'n *unitas multiplex*, hoewel nie elke veeleenheid persoon is nie. Die volgende karakteriseer die verhouding persoon-indiwidu besonder goed: „Person ist die numerische Vereinzelnung im Bereich des Geistes, so wie das Individuum die numerische Einzelheit in der Natur darstellt. Da der Mensch als leibgeistiges Wesen sowohl der Natur als auch der Welt des Geistes angehört, ist er sowohl Individuum als auch Person. Als Individuum steht der Mensch in der gleichen organischen Ordnung wie Tier und Pflanze. Als Person jedoch ragt er über die allgemeine Natur hinaus in eine neue Sphäre, nämlich die des Geistes. — Als ein Individuum das *zugleich* Person ist, trägt der Mensch die für ihn charakteristische Spannung von Natur und Geist in seinem *einen* Wesen aus."[8])

Die aangehaalde woorde laat duidelik blyk dat die indiwidu 'n numeriese, aanwysbare afgesonderdheid, 'n verbesondering, 'n geïsoleerdheid, 'n konkreetheid-met-lyflikheid is. Die persoon is ook indiwidu; hy is as indiwidu 'n ondeelbaarheid, 'n in-divisible. Wanneer die ondeelbaarheid vernietig word, is die lyf-siel-geeseenheid geskend. Vir die Skolastiek is die indiwidu *quod est indivisum in se et divisum ab omnibus aliis* — dit wat in sigself ongedeel is, maar van alle ander afgegrens, dit wil sê onderskeie is. Kragtens sy ongedeeldheid en ondeelbaarheid is die indiwidu

---

[8]) Uit *Lexicon der Pädagogik*, Band III, p. 820. Freiburg, 1954.

enkelheid; dit vorm 'n eenheid en is identiek met sigself. Op grond van hierdie eenheid is die indiwidu 'n eenmalige, onherhaalbare, onverwisselbare en nie-distribueerbare synde. Eenheid, identiteit en onverwisselbaarheid is almal kenmerke wat in die intensie van die term opgesluit lê.

Dit is veral die gedagte van die onverwisselbaarheid en wat hiermee saamgaan waaroor nog die een en ander gesê moet word. Die persoon as indiwidu is 'n afgegrensde psigofisikum met gees. Daar is 'n indiwiduele en geïndiwidueerde bewussyn met eie sielsinhoude. Direkte toegang tot die sielelewe van 'n ander of die omruilbaarheid van sielsbelewinge is net nie moontlik nie. Verder: my lyflikheid bly myne, 'n ander s'n bly syne. Tussen enige twee indiwidue is en bly daar 'n onoorbrugbare kloof, feitlik 'n ewige vreemdelingskap. Die oomblik dat die verbinding met die moederlike lyf verbreek is, het die geborene indiwidu geword. Maar dan is hy meteen op homself gegooi en aan die lotgevalle van sy geïndiwidueerdheid uitgelewer. Die moeder mag met reg sê dat dit haar kind is, maar dit is nie sy nie. Die biopsigiese wetmatighede waarin hy vasgegryp is, affekteer hom as indiwidu. Alle ervaringe van watter aard ook, is syne. Wat meer is: ook wat die aktkomponente van sy persoonwees betref, staan elkeen wat mens is in eie alleenheid. Ontologies gesien, moet hy self sy vryheid gebruik of misbruik. As indiwidu is hy aan sy vryheid uitgelewer. In die grenssituasies waartoe hy gedoem is, moet hy self die antwoord gee. In laaste instansie kan geen persoon as indiwidu in die plek van 'n ander staan nie. Kommunikasie deur eksistensie is vanselfsprekend moontlik maar dan uit hoofde van die personale gees in sy eties-appellatiewe opset. Dit is dan wedersydse partisipasie aan 'n idee of gemeenskaplike gehoorsaamheid aan 'n Gesag waaraan ons kragtens ons persoonwees deel het.

Wanneer aan die persoon as indiwidu gedink word, het 'n mens naas sy geïndiwidueerdheid sowel sy indiwiduele andersheid en eenmaligheid as indiwiduele verskille in die gedagte. Daar is indiwiduele verskille wat betref die komponente van die sielkundige karakter. Die psigofisieke toerusting en gesteldheid is tussen mense nou maar eenmaal nie van 'n homogene aard nie. Op grond van indiwiduele verskille is indiwiduele behandeling en indiwiduele onderwys 'n onvermydelike noodsaaklikheid. Niemand kan, myns insiens, enige beswaar teen gedifferensieerde onderwys hê nie. Sodanige onderwys mag egter nooit op gedifferensieerde opvoeding uitloop nie. Elkeen by wie maar die geringste besef van behoorlikheid reeds of nog aanwesig is, dus wie sy vryheid kan gebruik of gehelp kan word om dit te gebruik, staan in sy menswees as persoonwees onder dieselfde wekroep. Ons is almal aangesprokenes, die een nie minder as die ander nie. Wel is ons toerekeningsvatbaarheid vir die wyse waarop ons in staat is om ons vryheid te gebruik, nie dieselfde nie. Afgesien hiervan word van elkeen verwag om die komponente van sy persoonskern in die diens van die hoogswaardevolle en die persoonswaardige aan te wend. Dit omsluit ook die beoefening van die komponente van die sielkundige karakter, en juis ook hierdie komponente, aangesien ook hulle onder die onvoorwaardelike verpligting van ons aangesprokenheid staan. Geensins

is dit die indiwiduele verskille soos in die feitelike aspekte van ons menswees beliggaam is wat ons aangesprokenheid bepaal of waaruit ons verantwoordelikheid voortvloei nie, maar die gebod, dit sy as sedelike imperatief of as goddelike opdrag om ook van die feitelike aspekte van ons menswees iets te maak. En weereens: wat aan die periferie van die persoonstruktuur lê, word van nêrens elders nie as vanuit die kern daarvan geaktiveer. Wanneer gedifferensieerde onderwys op grond van indiwiduele verskille ook in gedifferensieerde opvoeding moet omslaan, dit wil sê wanneer opvoeding dus afhanklik van indiwiduele verskille en die daaruit voortvloeiende gewenste verskille in onderwysmetodes en leerstofinhoud gemaak word, kortweg: wanneer opvoeding as aktivering van die persoonskern as 'n derivaat van die biopsigiese gesteldhede van die opvoedeling gesien word, dan is dit afgedaan met die moontlikheid van groeiende gehoorsaamheid aan die eise wat sowel in die diepe klank van menswees as persoonwees opgesluit lê as die vergestalting van die eise van ons Suid-Afrikaanse visie oor mens en lewe. Dan is nie alleen ons lewensopvatting met sy voortdurende appél aan die aktkomponente van ons persoonwees en die persoonwees van ons kinders gelikwideer nie, maar is ons meteens reddeloos aan die ontwrigtende en ontbindende resultate van 'n pragmaties-materialistiese naturalisme uitgelewer.

Met die voorafgaande moet volstaan word. Tans moet aandag geskenk word aan die onderskeie golwe van personalistiese denke wat sedert die jongste eeuwentelling hulle opwagting gemaak het. Wanneer die eerste golf in die eersvolgende paragraaf ter sprake kom, sal ook die begripspaar persoon-organisme die aandag geniet.

(d) *Die Scientisties-geörienteerde golf personalistiese Denke.*

In die voorafgaande bladsye is onder andere die volgende twee beweringe gemaak: (1) Hierdie eeu ken reeds drie golwe personalistiese denke met 'n vierde wat tans besig is om hom te voltrek, terwyl 'n vyfde met duidelike omlyndheid aan die horison begin verskyn, en (2) dat die 20ste eeuse denke in bepaalde opsigte die voortsetting van dié van die 19de eeu is. Dit is aan hierdie laasgenoemde dat eerstens kortliks aandag geskenk moet word.

Wie die 20ste eeuse, ook personalistiese denke wil verstaan, moet met dié uit die vorige eeu deeglik vertroud wees. Nou val dit totaal buite die opset van 'n artikel van die onderhawige aard om ook maar in die geringste iets te sê wat reg aan daardie eeuse denke kan laat geskied. Daarvoor sal verskeie boekdele nodig wees. Met enkele opmerkinge moet volstaan word.

Kenners van die geskiedenis van die wysbegeerte in die besonder en van die kultuurgeskiedenis in die algemeen is dit vrywel met mekaar eens dat met die dood van die groot Duitse wysgeer, Hegel (1770-1831), ons die afsluiting van 'n bepaalde periode het, en wel dié van die hoogbloei van die absolute idealisme. Dit beteken geensins dat Hegel se denkbeelde met sy dood finaal begrawe is nie; inteendeel: sy invloed was en is nog

steeds fenomenaal groot. Dienaangaande kan niks verder vermeld word nie. By die begin van die jare veertig (1842) was die sesdelige *Cours de philosophie positive* van Comte (1798-1857) waarmee in 1830 begin is, voltooi.

Die grondgedagtes van die positivisme as 'n ,diesseitige' visie oor mens en lewe het baie geeste bekoor; dit werk deur tot vandag. Die kerngedagte is dié van die vervanging van alle godsdiens en wysbegeerte deur strenge, positiewe wetenskap. In 1848 verskyn die *Manifes* van Marx (1815-1883) en Engels (1820-1895) en in die jare 1867, 1885 en 1893 die drie bande van die *Das Kapital* waarvan slegs die eerste deur Marx self geredigeer is. In hierdie werke word nie alleen 'n dialektiese nie, maar 'n volslae materialisme verkondig. Dit is 'n filosofie oor mens en lewe wat in ons eie tyd sy duisende aanhangers en uitbouers tel. Vanaf die middel van die vorige eeu breek die ewolusionisties-biologiese denkbeelde van Lamarck (1744-1829) en Darwin (1809-1882) duidelik deur. Immers, in 1859 verskyn laasgenoemde se *Origin of Species* en in 1871 die tweebandige *The Descent of Man and Selection in Relation to Sex*. Gedurende die laaste kwartaal van die vorige eeu ontworstel die sielkunde hom uit die wysbegeerte en ontwikkel dit tot 'n selfstandige dissipline, veral onder die betowerende en die bekorende invloed van die bloeiende matematiese natuurwetenskap, met 'n helaas groeiende eksperimentalisties-pragmatiesnaturalistiese grondtrek. Daar is verder die wysgerige eenling, Nietzsche (1844-1900), wat 'n ewolusionistiese vitalisme verkondig; daar is die opkomende sielkunde van Freud (1856-1943) wie se mensvisie op uitgesproke Darwinistiese grondslag steun, en les bes moet ook Spencer (1820-1903) met sy naturalisties-agnostiese kyk op menswees en menslike verpligtinge genoem word.

En wanneer die huidige eeu sy intog maak, het ons nie alleen met 'n hoogbloei in die matematiese natuurwetenskap te doen nie, maar ook en veral met 'n uitgesproke materialisties-naturalisties-ewolusionisties-biologies-pragmaties-positivistiese kyk op mens en lewe. Die stuk van die eeu wat agter die rug lê, is in weerwil van ook ander teenrigtinge die ooggetuie van 'n verdere uitbou van dié denkbeelde wat gedurende die vorige eeu so duidelik vorm aangeneem het. In hierdie eeu het veral die V.S.A. prominent in die blikpunt van die wetenskaplike bewussyn te staan gekom. Nêrens elders nie as juis daar het sowel die matematiese as die organiese natuurwetenskap so 'n fenomenale uitbloei belewe, maar ook nêrens sterker nie as eweneens daar is menswees as persoonwees tot menswees as organismewees vernatuurwetenskaplik.

Wat is die neerslag van die aan die matematiese en die biologiese natuurwetenskap-georiënteerde visies oor mens en lewe wat vir goed twaalf dekades met selfs toenemende woede die Westerse denke in so 'n sterk mate bekoor? Elders het ek dienaangaande soos volg geskrywe: Die mens is die middelpunt en die doelpunt. Met die openbaringswaarhede word so goed as geheel en al gebreek, of daar word in volslae onkunde dienaangaande geleef en gewerk. Die vertrekpunt is die ervaringe

van die mens. Hierdie ervaringe moet telkens en opnuut gerekonstrueer word ten einde hulle te verryk deur nuwe ontdekkinge met behulp van die wetenskap te maak. Nuwe ervaringe op hulle beurt skep nuwe probleme. Nuwe probleme verg nuwe oplossinge, terwyl nuwe oplossinge nuwe insigte verskaf wat dan weer lewensverrykend werk. Daar is geen eind- of vaste punt waarheen die ervaring verwys nie, nog minder is daar iets buite die ervaring wat die ervaring kan rig. Dit bly maar 'n geëksperimenteer met die bestaande om die mens des te vollediger met sy omgewing en sy omgewing met hom te laat harmonieer. Die mens bevind hom in die wêreld; hy is van die wêreld en vir die wêreld. Nie alleen moet hy hom hierin oriënteer nie, maar dit ook leer ken ten einde probleemsituasies te kan bemeester. Daarvoor is kennis nodig en nou is daar maar een soort kennis wat op volwaardige wete en wetenskap aanspraak kan maak. Dit is die kennis van die bestaande, naamlik die gegewe natuurlike wêreld. Die begrip wetenskap het betrekking op die natuurlike wêreld alleen, naamlik die fisies-chemiese waarby ook die mens betrokke is en waartoe hy tegelyk beperk en ingeperk word. Immers, hy is deel van hierdie wêreld en tot die gegewens van hierdie wêreld reduseerbaar. Wetenskap is beperk tot wat deur die begrip *scientia* gedek word, maar dan in sy ingeperkte betekenis van wete van die positief-ervaarbare, meet- en kontroleerbare alleen. Wetenskap is beperk tot wat deur die begrip ‚science' aangedui word. Dit is die gebied van die fisies-chemiese en die biologiese. Hieruit is meteen duidelik dat wetenskap tot die biologiese en by uitstek die matematiese natuurwetenskappe beperk word.[9]) Nou is dit op grond van hierdie verscientifisering of verwetenskapliking, en wel natuurwerwetenskapliking, verkwantifisering, vereksperimentering, verbiologisering en verorganisering van alles wat kenmerkend van menswees is dat van 'n scientistiesgeoriënteerde golf personalistiese denke gepraat mag word.

Dit val heeltemal buitekant die raamwerk van hierdie artikel om 'n eksposisie van die ontwikkeling van die Amerikaanse denke veral sedert die jongste eeuwisseling te gee.[10]) Hier word slegs verwys na die intog in 1912 van die ekstreme Behaviorisme van Watson met sy, ooreenkomstig Russiese patroon, gekondisioneerde refleksteorie. Hierdie uitgesproke meganisties-materialistiese kyk op menswees reduseer die lewe ook in sy normatiewe opset tot 'n suiwere meganisties-materialistiese gedetermineerdheid. Vir menslike vryheid en wat hiermee saamgaan, is daar hoegenaamd geen plek nie; 'n verskynsel soos opvoeding is 'n saak van kondisionering en dressuur. Die bekende McDougall het wel sedert 1908 in terme van sy hormiese sielkunde met begrippe soos teleologie en finaliteit geopereer. Tot goed die begin van die jare dertig was hy egter 'n stem roepende in die woestyn. Sindsdien word daar wel gepraat van „purposive behavior in animals and men" waardeur die meganistiese materialisme geleidelik in 'n ewolusionisties-naturalisties-biologisties-vitalisties-utilis-

---

[9]) OBERHOLZER, C. K.: *Inleiding in die prinsipiële Opvoedkunde*, pp. 230-231. Pretoria, 1954.
[10]) Kyk bv. SCHNEIDER, H. W.: *A History of American Philosophy*, New York, 1946.

ties-pragmaties-eksperimentalistiese kyk op mens en lewe ontwikkel het. Oor die breë linie gesien, — daar is besliste uitsonderinge — is dit die stand van sake in die huidige Amerikaanse denke.

Die vraag wat tans kortliks beantwoord moet word, is wat 'n vitalistiese naturalisme oor groothede soos persoon en persoonlikheid te beduie het. Uit die ontsaglike literatuur wat daar op hierdie gebied bestaan, kan afgelei word dat die mens 'n animale of biopsigies-gekwalifiseerde organisme is en wel een wat oor 'n besonder gestruktureerde senuweestelsel beskik. Die enigste kosmies-reële synslae is die fisies-chemiese en die biopsigiese. Hierdie organisme met sy verworteldheid in die genoemde synslae is die bron vir alle vorme en uitinge van menslike wil en opset. Die term „personality" is 'n resultaat, en wel dié van *interaksie* tussen die *organisme* en sy *milieu*. Die vakliteratuur wemel eenvoudig van terme soos ‚adjustment', ‚adaptation', ‚accommodation', ‚response,' ‚interaction' en meerderes van soortgelyke konnotasie. Die volgende wat by die bekende Kilpatrick gelees kan word, is 'n goeie voorbeeld van die wyse van uitdrukking, naamlik „The true unit of study is the organism-in-active-interaction-with-the-environment".[11]) Die organisme is die draer van die persoonlikheid. Eersgenoemde in sy natuurlike, bioties-gefundeerde voorkoms sou dan met die term ‚persoon' aangedui kan word. En wanneer iemand spesiaal die mens in die gedagte het, word van die ‚human person' of selfs die ‚human animal' gepraat. In werklikheid word die term persoon baie selde, en indien moontlik, liefs nooit gebruik nie, sodat 'n mens oorwegend, byna uitsluitlik, met die korrelate organisme en persoonlikheid, indiwidu en persoonlikheid te doen kry. „*Het substraat van de persoonlijkheid is niet de persoon in de zin van ‚geestelijke kern', maar het animale organisme. Het organisme ontwikkelt zich in een sociaal milieu tot een individu met bepaalde sociale kwaliteiten. Deze kwaliteiten tezamen maken de persoonlijkheid uit.* Men heeft hier derhalve niet de tegenstelling: persoon-persoonlijkheid, maar organisme-persoonlijkheid. Aangezien men binnen dit kader het begrip ‚persoon in engere zin' niet plaatsen kan, gebruikt men de termen persoon en persoonlijkheid door en voor elkaar, de eerste meer met de betekenis van afzonderlijk menselijk individu en de tweede bij voorkeur dan, wanneer het gaat om iemands ‚sociale prikkelwaarde'. "[12])

Dit is moontlik om uit die massale Amerikaanse literatuur wat oor die onderhawige vraagstuk handel 'n groot reeks omskrywinge aan te bied. Slegs 'n beperkte seleksie word gemaak met die doel om te bevestig wat reeds gesê is, en om verdere algemene gevolgtrekkinge te maak. Die bekende Allport skrywe dat "personality may be defined as the individual's characteristic reactions to social stimuli, and the quality of his adaptation to the social features of his environment."[13]) In 'n latere werk omskrywe hy die persoonlikheid as "the dynamic organization within the individual

---

[11]) KILPATRICK, W. H.: *Philosophy of Education*, p. 14. New York, 1954.

[12]) KUYPERS, A., *Aangehaalde Werk*, pp. 21-22.

[13]) ALLPORT, F. H.: *Social Psychology*, p. 101, Chicago, 1924.

of those psycho-physical systems that determine his unique adjustments to his environment."[14]) 'n Ander bekende eksponent op hierdie gebied, naamlik Thorpe, laat hom soos volg uit: "As a working hypothesis, personality might be characterised as that total organization of reaction tendencies, habit patterns and physical qualities which determine the individual's social effectiveness."[15]) Verder lê hy buitengewoon klem op die erflike hoedanighede in die persoonlikheidsuitinge en die wisselwerking hiervan met die konkrete lewensituasies. "Thus we may think of the superstructure of personality as growing out of the labyrinth of experiences and having its roots in the genetically inhereted organism."[16]) Die opvoedkundige, Morrison, bied 'n provisionele omskrywing aan, en wel dat "personality is the sum total of what an individual has come to be by learning the cultural products of social evolution."[17]) Nadat hy dan aandag aan die mens as produk van ontwikkeling geskenk en hierdie "adaptive organism" verder onder oënskou geneem het, konstateer hy dat "personality at any given level of individual development is the resultant of the sum total of learnings to date."[18])

Daar is nog een bekende outoriteit in die scientistiese denkwêreld wie se omskrywing vermelding verdien en aangaande welke 'n paar opmerkinge toegevoeg moet word. Murphy se onderhawige werk dra die opskrif: "Personality" met die interessante subtitel: "A biosocial Approach to Origins and Structures". Daarin skrywe hy: "Man is, then, a nodal region, an organized field within a larger field, a region of perpetual interaction, a reciprocity of outgoing and incoming energies . . . The three conceptions of personality may now be put into definitions . . . (1) A personality is a distinguishable individual, definable in terms of a qualitative and quantitative differentiation from other such individuals. (2) A personality is a structured whole, definable in terms of its own distinctive structural attributes. (3) A personality is a structured organism — environment field, each aspect of which stands in dynamic relation to each other aspect. There is organization within the organism and organization within the environment, but it is the cross organization of the two that is investigated in personality research."[19]

Murphy beoog om met sy omskrywing die persoonlikheid vanuit drie verskillende gesigspunte te tipeer, en wel (1) in sy besonderheid as eksemplaar, (2) in sy innerlike gestruktureerdheid en (3) as aktiwiteitseffek of as kragsveld. Aan al drie moet die dimensie van die tyd as dinamiese faktor bygevoeg word, en wel omdat die persoonlikheid steeds in 'n toestand van wording of dan minstens verandering verkeer. By nadere ontleding en besinning kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat alles wat hy

---

[14]) ALLPORT, F. H.: *Personality. A psychological Interpretation*, p. 48. New York, 1936.
[15]) THORPE, L. P.: *Psychological Foundations of Personality*, p. 37. New York, 1938.
[16]) THORPE, L. P.: *Aangehaalde Werk*, p. 79.
[17]) MORRISON, H. C.: *Basic Principles of Education*, p. 39. Boston, 1934.
[8]) MORRISON, H. C.: *Aangehaalde Werk*, p. 229.
[9]) MURPHY, G.: *Personality. A Biosocial Approach to Origins and Structure*, pp. 7-8. New York, 1947.

aangaande die persoonlikheid te sê het, volledig op die dier van toepassing is. Op selfs die hoogste niveau, naamlik dié van die kragsveld, is die persoonlikheid niks anders nie as die resultaat van interaksie binne 'n veld van organisme-milieu. Indien nog ander organismes hulle binne hierdie veld bevind, ontstaan daar sosiale verhoudinge, maar dan is dit sosiaal op suiwer animale niveau. Hierdie sosiale vind sy fundering in niks anders nie as die saamwees en die saamgaan van twee of meer bioties gekwalifiseerde organismes.

Die scientisme in al sy vroeër genoemde variasies spreek uit die aangebode omskrywinge en wel op duidelike en ondubbelsinnige wyse. ‚Persoon' as 'n kategoriale synsgrootheid is 'n totale onbekendheid. En wanneer dit gebruik of daarna verwys word, is dit van sy diepe klank as aangesprokenheid of dan minstens van aanklinkbaarheid vanuit die ervaring-oorskrydende volledig ontdaan. Die substraat van die persoonlikheid is nie die persoon met 'n geestelike kern as aktbron nie, maar 'n geëvolueerde organisme wat in interaksie met sy gegewe milieu staan. Die verskille tussen mens en dier is nie aard nie, maar 'n graadandersheid wat toegeskrywe moet word aan die feit dat die mens kragtens sy besondere filogenetiese ontwikkeling van 'n buitengewone fyn gestruktureerde senuweestelsel voorsien is. As gevolg hiervan besit hy 'n voorsprong bo die dier wat hom kenbaar maak in vinniger leer, geslaagder ‚aanpassing' by die steeds veranderende omgewingskondisies en dus in suksesvoller beheersing van probleemsituasies.

Wat die hele scientisties-georiënteerde golf personalistiese denke betref, wil ek my graag by die opmerkinge van Kuypers dienaangaande aansluit, naamlik: (1) dat die algemene substraat vir die persoonlikheid nie die ‚menslike' persoon is nie, maar die blote animale organisme en wat gewoonlik met die neutrale term ‚indiwidu' aangedui word; (2) dat elke menslike wese, kragtens geboorte en op grond van oorerwing so 'n indiwidu, eintlik organisme, is wat deur die proses van leer in 'n natuurlike en sosiale milieu tot 'n persoonlikheid ontwikkel; (3) dat die persoonlikheid nooit staties nie, maar steeds dinamies is, en dat dit op die samevatting van al iemand se aktiwiteite en gedraginge dui; (4) dat persoonlikheid altyd en uitsluitlik op iemand se sosiale, geïntegreerde gedrag betrekking het, en (5) dat die persoonlikheid feitlik niks anders is nie as iemand se ‚sosiale prikkelwaarde', en dat dit in werklikheid alleen geleë is in die totale indruk wat die besondere iemand op ander maak.[20]

Afsluitend oor hierdie eerste, nog steeds met alle krag voortdurende en met toewyding voortgesette golf personalistiese denke as voortsetting van die 19de eeuse natuurwetenskaplike denke moet daarop gewys word dat ons Suid-Afrikaanse denke, en helaas ook ons opvoedingspraktyk, nie aan die wurggreep van hierdie vernaturaliserings-, verbiologiserings- en depersonaliseringsproses ontkom het nie. Daar is op die oomblik 'n pynlike dualisme merkbaar as gevolg van twee strydige visies oor mens en

---

[20]) Kyk KUYPERS: *Aangehaalde Werk*, pp. 18-19.

lewe wat elkeen sy aanhangers tel. Wie dit nie wil erken nie, weet óf nie wat aan die gang is nie, óf hy begryp van die essensie van hierdie twee lewensrigtinge presies niks nie. Aan hierdie pynlike aangeleentheid, ook in ons vaderland, kan geen aandag geskenk word nie.

Vroeër is beweer dat die genoemde scientistiese golf personalistiese denke met sy sterke greep op die Amerikaanse lewe ook sy uitsonderinge ken. In wysgerige verband word veral gedink aan Horace Williams en Josiah Royce, en op pedagogiese gebied aan Horne, Bagley en Cubberley. Verder was dit veral die Rooms-Katolisisme wat steeds teen die depersonalisering en die vernaturalisering van die mens gewaarsku het. Teenswoordig is dit eweneens akademici van Rooms-Katolieke lewensopvatting wat op ander as die so geaksentueerde fasette van menswees die klem laat val. In twee werklike standaardwerke wat gedurende die afgelope vyf jaar die lig gesien het, word die klanke van 'n heeltemal ander lied verneem. Uit elkeen word kortliks die een en ander vermeld. "The individual's constitutional endowment, both somatic and psychic, which is given at birth, forms what is variously called the raw material, the rudimentary basis, the matrix, the foundational core of his personality . . . This rudimentary endowment gradually develops during a lifetime into a more or less organized and integrated personality . . . A person's basic equipment is, in the first place, influenced by his environment . . . The social surroundings in which a man lives and the cultural group of which he is a member are of greater importance for personality development . . . Obvisouly, personality is not the sum of a man's native endowment plus environmental influences; it is, rather, the result or product of the interplay between the two. The demands of environment interact with native equipment and modify it within limits. Moreover, a point not to be overlooked is that some of the environmental factors are themselves the result of personality structure . . . This observation leads to the third major factor that is responsible for the development of personality. This extremely important factor is a man's will. Personality traits are not simply the result of environmental influences passively received into the psychophysical organism; a man can actively shape his life, destiny, and personality by means of his own will power. True, he cannot change his organic constitution or his physical environment, nor can he escape the influence of his sociocultural milieu; but he can use his will to exploit his mental abilities to the utmost, and he can cause his life experiences to serve the purpose that he outlines for himself. Although he necessarily undergoes the influence of the sosiocultural standards of his environment, he need not be a slave of those standards."[21]

Uit die ander, nog meer resente werk, word die volgende aangehaal: "It used to be fashionable to speak of heredity and environment as the

---

21) VAN DER VELDT, J. H. en ODENWALD, R. P.: *Psychiatry and Catholicism*, pp. 8-9. New York, 1952.

two factors that influenced human development. The field theory came in and we spoke of the interaction of the two. Later still, the organism itself was recognised as a factor in its own growth. Today psychologists recognize that the whole organism plays a role in its own development. Yet in abandoning the older idea of determinism, they have not brought the idea of human freedom into their formulations . . . We are all familiar, I suppose, with the rectangle Woodworth uses to illustrate the relative influence of heredity and environment upon human development. One of my colleagues has suggested that we used a solid instead, and let one dimension stand for heredity, another for environment, and still another for free choice. The relative importance of each of the three factors, may vary from one person to another. But all three factors play a part in the development of every human personality. We must, however, be more explicit in our recognition of the interaction of heredity, environment, and man's free choice in the development of his personality . . . I propose that in working out a statement concerning the interaction of heredity, environment, and human freedom, we distinguish at the same time the different levels of personality. We must raise and answer the question: How deep is depth psychology? If we were to accept the theories of Freud or Jung, for instance, I think we would have to say that in the very depths of human personality there is no freedom. Most psychologists distinguish different levels of personality in the sense that they do not equate the external manifestations of personality with the inner world of meaning . . . We get significant clues to the unconscious as well as to the conscious motivation of the person we have tested. In short, we are able to penetrate depths of personality which are closed to those who do not have success to our specialized tools of diagnosis.

Is there not, nevertheless, a center of personality that is not accessible to the psychologist? Surely the Christian must admit that there is. The inmost core of personality, that which involves man's relation to God, will always remain his own secret . . . A psychologist cannot with all the tools at his disposal — inventories, situation tests, Rorschach, the Thematic Appreciation Test, hypnosis, or dream analysis — ever form an accurate judgment as to his client's relation to God . . . The determination that operates on a superficial level, or even at the deeper levels recognised by the so called depth psychologists, fades out completely in the inmost core of the human personality . . . The inner act of will, however, cannot be observed by others; it can only be inferred . . . Depth psychology, no matter how deep, does not transcend the natural order. Environmental stimuli do not determine the inner act of willing however much they may affect that way in which the decisions of the will find outward expression... We commit the logical error of overgeneralization or the sin of rash judgment if we judge the inner worth of a person on the basis of the characteristics we observe in him, either through causal observation or with our diagnostic tools. I propose, then, that in our theory of personality we recognize our limitations as psychologists and state explicitly that there

is more to the depths of our personality than meets the eye or tickles the ear of even the most paternal psychologist."[22]

Geen kommentaar oor die aangehaalde gedeeltes uit die twee resente publikasies word gelewer nie. Die kritiese leser word gevra om dit self te doen.

(e) *Die ontologies-georiënteerde Golf personalistiese Denke.*

Waar, oor die breë linie gesien, die Amerikaanse denke op 'n verskerpte uitbou van die naturalisties-vitalistiese van die 19de eeu uitgeloop het, vertoon die Europese, veral die Sentraal-Europese, onmiddellik sedert die eeuwenteling die neiging van reaksie en selfs verset. Verantwoordelike dwarskykers op hierdie proses van vermeganisering, veregalisering, vernaturalisering, versosiologisering, verbiologisering en veral van depersonalisering het die unieke betekenis en die onverwoesbare waardigheid van die menslike persoon sterk begin aksentueer en die nadruk op die allesseggende betekenis van die lewe van handeling en wat hiermee saamgaan, laat val. Nou is dit so dat ook Europa 'n naturalisties-biologistiese nawerking en uitwerking ondervind het en dit in baie verbande vandag nog steeds belewe. Die markantste van almal is ongetwyfeld Sigmund Freud. En tog staan dit as onweerlegbare feit dat die 20ste eeuse Europese denke op minstens personologiese gebied die onvernietigbare besef weer wil inskerp en daarvan ook praktyk maak dat menswees as persoonwees gesien moet word. Hierdie heraksentuering van menswees as persoonwees word deur twee modi van betekenis gekenmerk, te wete eensdeels deur 'n meer prakties-eties-religieuse en andersdeels deur 'n meer ontologiese. Wat laasgenoemde betref, word in die ,persoon' die moontlikheid van 'n laaste werklikheid bespeur. Die term ,persoon' word dan gebesig om aan die hand daarvan 'n wêreldbeskouing te ontwerp. Dit is aan hierdie laaste modus dat in hierdie paragraaf kortliks aandag geskenk moet word.

Die herwaardering van die persoon wat as ontologiese personalisme bestempel kan word, is 'n kind van die wysgerige denke gedurende die eerste twee decennia van hierdie eeu. In hierdie verband verdien die naam van William Stern (1871-1938), die grondlegger van die Duitse personalisme, eervolle vermelding. Sowel sy wysgerige personalisme as personalistiese psigologie moet as 'n protes teen die vernatuurwetenskapliking van die sielelewe en die daarmee gepaardgaande vermeganisering, vermaterialisering en vernaturalisering van die geestelike funksies gesien word. Vir hom is die mens *quo* persoon 'n eenheid, en inderdaad die mees primordiale eenheid in die omvattende empiriese werklikheid. Hy grens sy kritiese personalisme af van sowel 'n naïewe as 'n impersonalisme. Laasgenoemde wil die mens in 'n aggregaat van onpersoonlike elemente oplos. Vir hom is ,persoon' 'n grondkategorie waartoe hy elke vorm van werklikheid wil herlei. Wat nie hiertoe herlei kan word nie, is saak. ,Saak' is alles wat geen werklike eiesoortige en eie-aardige eenheid besit nie, en hom ook

---

[22]) ARNOLD, M. B. en GASSON, J. A.: *The Human Person*, pp. 108-111. New York, 1954.

nie spontaan op eie doeleindes rig nie. Met die polariteit persoon-saak wil hy die gangbare teëstellinge van gees en stof, vitaliteit en kousaliteit, teleologie en meganisme probeer oorwin. ‚Persoon' as grondkategorie is 'n gestruktureerde veeleenheid wat doeleindes nastrewe; ‚saak' mis hierdie veeleenheid en eie doelgerigte funksieverrigting. Sy eie omskrywinge lui soos volg: „Eine Person ist ein solches Existierendes, das, trotz der Vielheit der Teile, eine reale, eigenartige und eigenwertige Einheit bildet, und als solche, trotz der Vielheit der Teilfunktionen, eine einheitliche, zielstrebige Selbsttätigkeit vollbringt. Eine Sache ist das contradictorische Gegenteil zur Person. Sie ist ein solches Existierendes, das, aus vielen Teilen bestehend, keine reale, eigenartige und eigenwertige Einheit bildet, und das, in vielen Teilfunktionen funktionierend, keine einheitliche, zielstrebige Selbsttätigkeit vollbringt."[23]) Die kenmerkende eienskappe van die persoon is sy veeleenheid, sy doelgerigtheid en die moontlikheid van keuses wat deur 'n fundamentele drang tot selfbehoud en selfontwikkeling onderlê word. In sy laaste werk skenk hy besondere aandag aan die lewe van keuses en van die uitvoering van daardie keuses soos hulle by die mens aangetref word. Hy skrywe onder andere: "For man, no pattern of life becomes so sharply salient against the background of personal activity, organizing itself into a specialized process, as the individual act of will. In this process the dynamic totality of the person is focussed into a compact act *which disrupt the even tenor of events* (kursivering deur skrywer). But on the other hand, every act of will is deeply rooted in that activity which it appears to oppose; lines both manifest and submerged attach it to other levels . . . *Human will is a form of striving, fed from the depths of the needs, impelled and ordered by conscious anticipation of end and means, the operation of which is initiated by a particular personal act* . . . The acme . . . comes in the concentration, at a *definite* instant, of the experience of being able to act, into a direct experience of *acting*: ‚Now I *will* . . .'.[24]) Hierdie feit van geïndiwidueerde, maar tog kosmies-verbonde selfaktiwiteit is so wesenlik dat hy die rasionalistiese *cogito, ergo sum* van Descartes in 'n opvallende voluntarisme laat omslaan. "To the onset of will belongs an intense inner experience of *selfactivity*: *I* am the one who wills. In no way else is the active totality of the personality concentrated into such a clear-cut inner experience as by the onset of will. *Volo, ergo sum.*"[25])

By nadere besinning oor die omskrywing van die terme persoon en saak is dit duidelik dat die eersgenoemde 'n besonder wye betekenis het en dat dit meer omsluit as net die mens. Dit blyk maar te duidelik uit die subtitel van die tweede band van sy Person und Sache, naamlik „Die Menschliche Persönlichkeit." Vir denkers soos Scheler, Kohnstamm, Hartmann, Hessen en so baie ander is dit nie alleen onnodig nie, maar totaal onmoontlik om van die *menslike* persoonlikheid te praat. Vir hulle dui die grootheid persoonlikheid altyd en uitsluitlik op 'n *menslike* aksieradius.

---

[23]) STERN, W.: *Person und Sache*, Band I, p. 16. Leipzig, 1906.
[24]) STERN, W.: *General Psychology* (vertaal), pp. 398-399. New York, 1938.
[25]) STERN, W.: *Aangehaalde Werk*, p. 418.

Immers, persoonlikheid veronderstel altyd die substraat *persoon*, terwyl persoon konsekwent en op niks anders nie as 'n grootheid in die mens alleen dui. Vir Stern is nie net die mens persoon nie, maar is daar 'n hele skala: atoom, sel, plant, dier, mens, gesin, volk, mensheid, aarde, sonnestelsel, kosmos. Hulle vorm 'n stygende hiërargie, om uiteindelik deur die Alpersoon, naamlik God, omsluit te word. Nou praat Stern nooit van God nie, maar van die Godheid, daarom betitel hy sy wêreldbeskouing dan ook met reg as 'n personalistiese panteïsme. Die doelgerigtheid van alle hoëre vorme omsluit die laere: die indiwiduele mens word in die oogmerke van die familie opgeneem, die familie weer in dié van die gemeenskap, ensovoorts. Ten aansien van die hoëre is die laere steeds saak. Persoon en saak is derhalwe eintlik twee betragtingswyses van dieselfde aangeleentheid. Hulle verskil na gelang die een van onderaf in sy gerigtigheid op doelbereiking gesien word, of van boaf in sy ondergeskiktheid aan die hoëre orde waarin dit opgeneem word. Die genoemde persone word deur tweërlei drang besiel, naamlik selfbehoud en selfontplooiing. In sy onlosmaaklike verband met die geheel van die dinge het elke persoon ‚Selbstwert'. Verder behoort elke persoon, sover dit in die vermoë van elkeen is, daarna te strewe om aan die aktiwiteite van diegene wat hoër staan, deel te hê. Die kategoriese imperatief by Stern lui: introcipeer!

Sy kritiek op vorme van impersonalistiese denke is buitengewoon raak. Nogtans slaag hy nie daarin om hom aan die meganistiese materialisme en die naturalistiese vitalisme van die vorige eeu te ontworstel nie. Aan die diepe klank van die kategorie persoon laat hy in sy ontologie beslis nie reg geskied nie. Hierdie kategorie kan nooit van sy historiese bodem waarin momente soos waardigheid, vryheid, verantwoordelikheid en selfbewussyn sulke wesenskomponente is, losgemaak word nie. Om byvoorbeeld van selfbewussyn by die sel, die gesin en die gemeenskap te praat, is volslae sinloos. Sy personalisme staan wesenlik in flagrante botsing met die intuïtiewe aanvoeling dat slegs menswees as persoonwees die uitsonderingsposisie van die mens in die wêreld moontlik maak, meer nog: dat dit slegs vanweë die idee van die persoon is dat stelling teenoor enige vorm van impersonalisme soos naturalisme, ewolusionisme, materialisme, psigologisme, sosiologisme, biologisme, ensovoorts ingeneem kan word. En les bes: dit is slegs vanweë die diepe klank van aangesprokenheid dat vryheid verantwoordelikheid, toerekeningsvatbaarheid en die *volo, ergo sum* betekenis kry. Die *volo, ergo sum* behels iets aangrypends, maar dan is die bewustheid dat ek is 'n uiting van selfbewussyn as behoorlikheidsbewussyn, en dit is die bewustheid van aangesprokenheid. Elke wilsdaad is in sy essensie die uiting van die prinsipiële teennatuurlikheid van die mens wat ontologies daarop neerkom dat elke keuse as wil deur 'n Sollen as synskategorie voorafgegaan word. Sonder Sollensmomente beteken die synsgrootheid persoon totaal niks nie. Persoon en Sollen is ontologies dieselfde.

Ook nog behorende tot hierdie tweede golf personalistiese denke van absolutistiese aard moet twee ander vorme daarvan genoem word, naamlik

die idealisties gekleurde wat hoofsaaklik in Engeland by denkers soos Green, Caird, Bradley en Bosanquet, en in Amerika by Royce, Williams, Hocking en Calkins aangetref word, en tweedens die meer monadies gekleurde vorm daarvan. Die kernmetafoor by hierdie tweede is die monade of die kragsubstansie wat in Frankryk onder Renouvier en in Duitsland onder Eucken vorm aangeneem het. In Skotland mag onder Hegel se invloed die naam van McTaggart nie verswyg word nie. Nie aan een van hierdie twee rigtinge of aan een van die verteenwoordigers kan aandag geskenk word nie.

( f ) *Die eksistensieel-voluntaristies-georiënteerde Golf personalistiese Denke.*

Die wyse van kwalifisering van hierdie golf soos in die betiteling van die paragraafopskrif uitgedruk word, is wellig alles behalwe gangbaar. Tog word dit so genoem omdat die groep denkers wat hieronder tuisgebring kan word, almal bewus of onbewus met die begrip eksistensie werk en dat hulle die sedelike wat so onafskeidelik met die lewe van handeling verbonde is, as minstens 'n grootheid *sui generis* bejeën. En synde sulks, vertoon hierdie golf geen sweem van naturalisme, ewolusionisme of pragmatisme nie. Menswees word as persoonwees gesien en dan persoonwees in terme van die diepe klank wat daarin skuil. Die verteenwoordigers van die ontologies-georiënteerde golf is by uitstek op die ontwerping van 'n wêreldbeskouiing ingestel, dus nie op probleem- nie, maar op sisteemdenke. Tereg merk iemand soos de Wilde[26]) op dat hulle hul van die kategorie persoon so spoedig moontlik probeer afmaak deur van die gedagte uit te gaan dat die essensie van persoonwees deur begrippe soos entelechie en monade genoegsaam tot uitdrukking gebring word. 'n Mens kom telkens onder die indruk dat wanneer oor die synsgrootheid ,persoon' gehandel word, ons eintlik met pionne in 'n magtige kosmiese spel te doen het. Dit het nog nie by hulle deurgebreek nie dat langs die weg van die sisteemdenke ons nog maar enkel met die uitinge van die kennende bewussyn in sy teoreties-spekulatiewe betragtinge van lewe en werklikheid te doen het. Teenoor die prakties-willende aspek van menswees soos dié uit die vryheid en die verpligting tot keuses in die aktualiteit van die konkrete situasie voortkom, vertoon eersgenoemde werklik soos bleke spookgedaantes. Daar is inderdaad weinig rekening gehou met dié dinge wat menswees as persoonwees so wesenlik kenmerk, soos onder andere dié van eensame vertwyfeling en duistere worsteling, die dieptes en die hoogtes, die jubel en die gloed, die oorwinning en die neerlaag van die persoonlike eksistensie. Nou is dit verder so dat met die eeuwenteling die naderende onheil wat hom in die tienderjare in al sy wreedheid en gruwel voltrek het, as 't ware intuïtief aangevoel is. In die aangesig van die naakte werklikheid het die groot sisteme eenvoudig verkrummel.

Die nasleep van en die nabetragting oor hierdie eerste katastrofe het baie daartoe bygedra om die denke in die rigting van die eksistensiële te

---

[26]) De Wilde, A.: *Aangehaalde Werk*, pp. 82-85.

dwing. As ooggetuies van kultuurvernietiging en gedrenk in die volheid van menslike lyding, maar nie moedeloos in die aangesig van die groue troosteloosheid en die donkere uitsigloosheid nie, is daar opnuut oor die essensie van menswees, en dit is oor persoonwees, nagedink. En wanneer nou gevra word wat die bresse is wat met die oog op 'n nuwe verstaan van die mens geslaan is, moet gesê word dat dit om die aktkomponente vanuit die persoonskern gaan: die filosofie van die eksistensie en die transendensie, dié van die handeling en die daarmee gepaardgaande groothede van verantwoordelikheid en toerekeningsvatbaarheid as keerkante van aangesprokenheid en geroepenheid, die verheldering van die ek-jyverhouding en die betekenis van waaragtige kommunikasie, kortweg: die fenomenologiese verkenning van die synsgrootheid ,persoon' in al sy dimensies.

Noukeurig gesien, verdiep al die denkers van ons dag wat met die problematiek van menswees as persoonwees besig is, hulle in die genoemde vraagstukke. Geen twee behandel die problematiek op dieselfde wyse nie; die aksent is steeds verskillend. Tog is die gemeenskaplike by almal dit, naamlik die drang tot bevryding van die persoon uit die proses van versaakliking en veregalisering wat 'n verabsoluterende wetenskap dreig om hom te laat ondergaan. Dit lyk asof die grootste gemene deler by almal wel dit is: die mens is meer as wat hy van homself weet, daarom wil hy ook meer as homself.

Verteenwoordigers van hierdie golf personalistiese denke maak 'n lang lys uit, en hulle kom uit meer as een vakgebied. Onder hulle is daar manne wat tot die kategorie van die ,upper ten' van hierdie eeu gereken moet word. Daar is oueres en jongeres; daar is dié wat nie meer met ons is nie, maar wie se denkbeelde steeds onder ons sal lewe, en daar is diegene wat in die hoogbloei van hulle produktiwiteit staan. Om maar enkeles te noem: daar is Max Scheler, Nicolai Hartmann, Eduard Spranger, Johannes Hessen, Karl Jaspers, Martin Buber, Theodor Litt, Karl Barth, Emil Brunner, Reinhold Niebuhr, Romano Guardini, Philip Kohnstamm, Martin Langeveld, Nicolas Berdyaev, Jacques Maritain, Maurice Blondel en Gabriel Marcel. Oor wie van die hier genoemdes die belangrikste is, sal die sienswyses verdeel wees. Wat egter gewigtiger is, is die vraag oor wie daar gehandel behoort te word. Maar wie kan oor 'n enkele van hulle in die subparagraaf van 'n artikeltjie van beperkte omvang iets sê wat aan die besondere outeur enigsins reg sal laat geskied? Met beleefde verontskuldiging aan elkeen afsonderlik waag ek my tog aan enkele opmerkinge oor enkeles van hulle, net om te laat blyk hoe personalisties in die mees verhewe sin van die woord hulle denkbeelde oor mens en lewe is.

Aan Max Scheler (1874-1928) kom die eer toe dat hy chronologies die eerste was wat teen enige en elke vernaturalisering en dus depersonalisering van die mens geprotesteer het. 'n Mens dink hier aan sy klassiek van 1913, naamlik *Der Formalismus in der Ethik und die materiale Wertethik* met die merkwaardige subtitel: *Neuer Versuch der Grundlegung eines ethischen Personalismus*, verder aan sy *Vom Ewigen im Menschen* van 1923,

*Die Stellung des Menschen in Kosmos* van 1928 en die *Philosophische Weltanschauung* wat veertien dae voor sy vroegtydige heengaan die lig gesien het.

Die filosofie van Scheler beliggaam 'n konsekwente worsteling met twee sentrale vrae, naamlik dié van wesens- en van taakbepaling van die mens. Vir hom is menswees persoonwees en dit beteken meer as 'n verankerdheid in die dimensies van die benede-personale. Die mens is aardverskillend en dus radikaal anders as die dier; hy is 'n wese met voorwerplike bewussyn *en* selfbewussyn; hy is wese met gees en wie dit is, is persoon, 'n wese wat tot ‚Aktvollzug' in staat is. "*Der Geist ideiert das Leben. Das Leben allein aber vermag es, den Geist* von seiner einfachsten Aktregung an bis zur Leistung eines Werkes, dem wir geistigen Sinngehalt zuschreiben, *in Tätigkeit zu setzen und zu verwirklichen.*"[27]) Die persoon is geen ding of substansie nie, maar die eenheid as ‚Einsatz' wat agter die verskeidenheid aktes staan. Die wesenlike van die persoon is dat dit nie geïsoleer staan nie, maar in sy oorsprong verbonde is met God, die wêreld en die mensheid. Die persoon is die draer van en die vormgewer aan waardes, terwyl die persoonswaardes hoër is as alle saak- en gemeenskapswaardes. Onder die persoonswaardes staan dié van die heiligheid as die volmaakte liefde boaan.

Oor ongetwyfeld die grootste probleemdenker van ons eeu, naamlik Nicolai Hartmann (1882-1951) net enkele aanhalinge uit 'n voordrag wat hy in 1949 gelewer het. Hieruit kom nie alleen die onderskeid tussen persoon en persoonlikheid nie, maar ook en veral die anti-naturalistiese grondtrek van sy denke duidelik aan die lig. „Was Persönlichkeit ist, läszt sich erst in Gegensatz zur Person sagen. Denn beides ist nicht dasselbe. Person ist jeder Mensch, darin gleichen sich alle; das Personsein als solches ist darum ein Allgemeines, wie sehr auch die einzelnen Personen verschieden sein mögen. Persönlichkeit dagegen ist nicht jeder Mensch. Persönlichkeit ist das an einem Menschen, was er für sich allein hat, was nicht an anderen wiederkehrt, das Einmalige und einzige an einer Person. Darin ist schon vorausgesetzt, was Person ist. Aber was ist Person? Sie ist nicht das Subjekt und nicht das Ich. Sie ist auch nicht das Bewusztsein, geschweige denn das Selbstbewusztsein. Sie setzt das erkennende Subjekt wohl voraus, desgleichen das geistige Bewusztsein met seiner Objektivität und seiner charakteristischen Distanz zu den Dingen der umgebenden Welt; aber sie ist noch etwas mehr: das in die Zukunft schauende, vorsorgende, Zwecke setzende, handelnde und in Handeln sich frei entscheidendes Wesen, das zugleich den Sinn für Wert und Unwert, das Wissen um Gut and Böse hat und selbst befähigt ist, gut oder böse zu sein. Damit ist sie zugleich das durch seine Aktivität weltoffene Wesen, das von der umgebenden Welt Impulse empfängt und seinerseits handelnd in sie eingreift, sie umgestaltend und das Geschehen umlenkend . . . Es gehört ferner die Fähigkeit dazu, sich selbst in Zucht zu nehmen, *sich unter Forderungen oder Gesetze zu stellen, die dem personalen Wesen nicht von*

---

[27]) Scheler, M.: *Die Stellung des Menschen im Kosmos*, p. 80. München, 1949[2].

*Natur gegeben sind und nicht aus seinen Artinstinkten entspringen, die ihm dann aber zu Maszstäben des Wertbewusztseins werden.* (Kursivering deur my). . . . Zur Persönlichkeit reicht das alles nicht zu. Schon im Leben, diesseits aller Refexion, meinen wir etwas den Einzelnen Auszeichnendes, wenn wir sagen, er sei eine Persönlichkeit. Denn Persönlichkeit ist das an einem Menschen, was ihm nicht mit anderen gemeinsam ist . . . Auch schwache, stille, unaufdringliche Menschen können Persönlichkeit haben. Auf die Eigenart, das Einmalige, die Einzigkeit und Unersetzlichkeit kommt es an. Persönlichkeit ist das an einem Menschen, was wir lieben oder hassen, wofür wir Sympathie oder Antipathie empfinden — meist ohne dasz wir sagen können, worin sie besteht. Auf sie sind fast alle höheren persönlichen Gefühle gerichtet."[28])

Die Nederlander, Philip Kohnstamm (1875-1951), wat by baie in Suid-Afrika geen onbekende is nie, is personalis by uitnemendheid. Hy omskrywe die term ,persoon' soos volg: ,,Een persoon is een bestaand wezen, dat, ondanks de veelheid der delen, een reële, eigenaardige en wel zedelijke eenheid vormt en ondanks de veelheid zijner deelfuncties, spontaan en naar een doel gericht handelt."[29]) Nou is dit enkel die mens wat aan hierdie omskrywing voldoen, daarom is slegs die mens, en trouens enige mens, persoon. Elkeen wat persoon is, word persoonlikheid, en hy word dit aanhoudend. Die persoonlikheid-in-wording vind sy motivering vanuit die persoonskern waarin hierdie sedelike eenheid as eksistensie-in-vryheid geïntegreer lê. Vir Kohnstamm voltrek hierdie sedelike eenheid waaruit alle bewuste veranderinge voortkom, hom op die vlak van die personale, of soos hy dit noem: die niveau van die humane alleen. Lewe as 'n genormeerde aangeleentheid op humane niveau vereis ook die dimensies van die benede-humane, te wete die fisies-chemiese, die vegetatiewe en die animaal-psigiese. Die eie-aardige wat sig op die vlak van die personale afspeel, is egter in genendele produk van enige denkbare proses of wetmatigheid uit die benede-humane nie. Vir Kohnstamm beklee die mens 'n uitsonderingsposisie: hy is selfbewuste en normerkennende wese, en die enigste wat verantwoordelikheid ken en aanvaar.[30]) Hierdie norme waaronder die mens hom stel, wortel nóg in die dimensies van die subhumane, nóg vind hulle hul grond in die uitsluitlik humane. Wie sy norme uit enigeen van hierdie dimensies haal, voldoen nie aan die eise van die diepe klank wat in menswees as persoonwees opgesluit lê nie. En vir hom is menswees aangesprokene- en geroepenewees deur God in Christus. Hy aanvaar dan ook die niveau van die absolute vanwaar die norm as Persoon kom. Kohnstamm huldig 'n Personalisme. Die mens-Godverhouding is via Christus 'n persoon-Persoonverhouding, en met die naaste as medeskepsel en dus as mede-persoon word dit 'n persoon-Persoon-persoonsverhouding.

---

[28]) HARTMANN, N.: *Das Ethos der Persönlichkeit*. Uit *Kleinere Schriften I*, pp. 311-313. Berlin, 1955.

[29]) KOHNSTAMM, PH.: *Het Waarheidsprobleem*, p. 374. Haarlem, 1926.

[30]) Kyk KOHNSTAMM, PH.: *Mensch en Wereld*, veral Hoofstuk 111. Amsterdam, 1947.

'n Ander grootmeester op hierdie gebied is die Rus, Nicolas Berdyaev (1874-1948). Oor hom net die volgende aanhaling: "The personality (lees ,persoon') is not the same thing as the individual, which is a natural biological category comprehending not only the animal and the plant but also the stone, the glass, the pencil. The personality is a spiritual category; it is the spirit manifesting itself in nature. The personality is the direct expression of the impact of the spirit on man's physical and psychical nature . . . The personality is above all an 'axiological' category: it is the manifestation of an existential purpose . . . The personality is also the symbol of human integrity, of permanent values of a constant and unique form created in the midst of incessant flux . . . To understand the personality, we must approach the relation between the part and the whole not from the naturalist but from the axiological standpoint. The personality is never a part but always a whole, never a datum of the external world but always a datum of the inner world of existence. It is not an object, and has no place in the abstract objective world. It is not this world: when confronted with the personality, I am in the presence of a Thou."[31])

Afsluitend vir hierdie paragraaf moet nog die een en ander oor ,persoon' vermeld word soos gesien vanuit die protestantse visie oor mens en lewe. Nou het waarskynlik niemand hierdie visie oor ,persoon' en ,persoonlike' lewe beter getipeer nie as die Switserse teoloog, Emil Brunner (1889-). Verder is dit onteenseggelik so dat die voorstelling wat die Heilige Skrif oor die mens as persoon aanbied, die diepe klank wat daarin opgesluit lê, op 'n onvergelyklike wyse tot uitdrukking bring. Die mens wat na die beeld van God geskape is, ontvou hom as 'n vrywillige en verantwoordelike wese. Om mens te wees, beteken om persoon te wees en om dit te kan wees, is om voor God, die Skepper-Vader verantwoordelik te wees. Gehoorsaamheid en verantwoordelikheid aan die gebooie van God impliseer ook verantwoordelikheid teenoor die medemens as medeskepsel wat op sy weg gestel is.

Brunner wys ten duidelikste daarop dat wanneer menselewe sy oorsprong in God het, die verhouding tussen God en die mens 'n intiem-persoonlike is. Dit is eers in die ontmoeting met 'n U dat die mens in die ware sin persoon en persoonlikheid word. Hierdie persoonlike verhouding is een van gebod en gehoorsaamheid, van Woord en antwoord, van roeping en verantwoordelikheid. Werklike persoonlike verantwoordelikheid breek die muur deur wat vanweë 'n verantwoordelikheid in idealistiese sin om die mens opgebou is. Hy is dan nie persoonlik verantwoordelik nie, maar verantwoordelik teenoor 'n Persoon, naamlik God, die Grond en die Einde van alle dinge. Met die verbreking van hierdie idealistiese muur ontmoet die mens God as persoonlike Wese en ontstaan daar ook werklike gemeenskap met die naaste. Die mens besit roepingsverantwoordelikheid teenoor die naaste, want God plaas hierdie naaste opsetlik op sy weg. Hierdie liefde of verantwoordelikheid uit

---

[31]) BERDYAEV, N.: *Solitude and Society* (Vertaal) pp. 159-162. London, 1938.

gehoorsaamheid is egte verantwoordelikheid en dit alleen is eg persoonlik. Om mens te wees, is om persoon te wees en om persoon te wees, beteken om verantwoordelik teenoor God en die medemens in die gegewe gemeenskapsverband te wees.[32])

In sy pragtige brosjure van verlede jaar wys hy daarop dat die mens voortdurend met die vraag *wie is ek* gekonfronteer bly. Dit is 'n onvermydelike en 'n noodwendige vraag. Hierdie vraag word gestel omdat ons ons telkens in 'n bepaalde situasie bevind, die aktualiteit waarvan ons tot 'n antwoord in die vorm van 'n keuse dwing. Hierdie beslissing as antwoord is allesbehalwe ,selbstverständlich'. ,,Mein Leben ist ein ununterbrochenes Fragen und Antworten, wobei das Fragen unvermeidlich, das Antworten eine Entscheidung ist. Nur eines ist unmöglich, eine trügerische Möglichkeit: das Selbstverständliche. Das Selbstverständliche ist: nach unten das Tierische, nach oben das Uebermenschliche. Der Mensch lebt zwischen diesen beiden Grenzen, und er ist um so mehr Mensch, ja klarer ihm das ist und je mehr er dieses Nicht-Selbst-Verständliche auf sich nimmt, je mehr er also sich selbst versteht und sich selbst entscheidet . . . Die Frage ist uns gestellt, wir sind genötigt zu antworten — und das ist . . . die Struktur unseres Daseins . . . Wir sind Gefragte, wir sind solche, die Antwort geben müssen. Dieses Antwortgeben ist nicht etwas im menschlichen Leben. Es ist das mensliche Leben selbst, was immer im übrigen sein Inhalt, seine konkrete Füllung sein möge. Das ist nicht eine Theorie über den Menschen, sondern das ist die menschliche Wirklichkeit selbst. Wir können dazu freilich verschieden Stellung nehmen, entweder indem wir es bejahen oder indem wir es verneinen. Ich selbst — indem wir das sagen, sagen wir: ich bin so. Sagen wir Nein, so sagen wir, ich bin nicht selbst. Das Selbstsein hat diesen Charakter: gefragt sein und Antwort geben, sich für dieses Selbstsein entscheiden. Es ist ein Sichverstehen und ein Sichentscheiden. Darin liegt unsere Freiheit, darin liegt zugleich Nichtfreiheit. Wir können entscheiden, aber wir müssen auch entscheiden. Wir können nicht nichtentscheiden . . . Das Gefragtsein können wir nicht ändern. Das ist unser Schicksal, das ist unsere Konstitution, über die wir nicht befragt werden. . . . Aber diese Doppelheit des Entscheidenmüssens und der Entscheidenkönnens, dieser Freiheit und dieser Notwendigkeit, ist uns in anderer Weise vertraut. Wir sollen . . . Was aber heiszt das? Es ist wieder dasselbe: Dass wir nicht 'einfach sein'; selbstverständlich leben können. In unserem Selbstsein steckt immer auch eine Richtung, etwas, das über das Sein hinausgeht, das uns also nicht in Ruhe lässt, das von uns eine bestimmte Antwort und Entscheidung verlangt. Das ist nun wieder etwas charakteristisch Menschliches. Wir sind in der Weise, dass wir sein sollen. Das Gesollte ist uns nicht gegeben, sonst wäre es kein Sollen. Es ist uns aufgegeben. Es ist etwas von uns Gefordertes, Erwartetes . . . Was ist das Gebende, das Fragende, das Fordernde, das uns zur Ent-

---

[32]) Kyk BRUNNER, E.: *Der Mensch in Widerspruch*, veral pp. 295-296. Zürich, 1941.

scheidung, zur Antwort nötigt? . . . Was sollte das anderes sein als Gott? . . . Die Macht, die Instantz, von der ich aus mir selbst nur weiss, dass mir durch sie das Antwortenmüssen als Struktur meiner Existenz gegeben ist... der Schöpfer, der Grund meines Seins und alles Seins . . . Gott tut sich freilich kund in mir, aber er ist nicht in mir, nicht gleichsam von mir umschlossen. Er ist mein Herr, der Herr der Welt; das Sollen, das ich in mir vorfinde, ist in der Tat *sein* Anspruch an mich.[33])

(g) *Die eksistensie-analitiese Golf personalitiese Denke.*

Om met die in die voorafgaande paragraaf kortliks toegeligte golf personalistiese denke te volstaan, sal 'n onvolledige beeld beteken van wat besig is om sig in ons eie dag oor mens en lewe te voltrek. Wie die literatuur van die dag ken, weet van meer; hy weet van iets buitengewoons. Dit is aan hierdie jongste golf personalistiese denke waaraan afsluitend kortliks die aandag geskenk moet word. Hierdie jongste golf is een waarvan elke vakwetenskaplike wat met die mens in sy praktiese natuur te doen kry, kennis behoort te neem. Ek verwys na die personologie van die Derde Weense Skool waarvan Viktor Frankl die grondlegger en die hoofeksponent is. Wat hier aangebied word, is niks anders nie as slegs *enkele* grepe uit die ryke skat van sy denkbeelde oor mens en lewe.[34])

Een van die, vir my altans, merkwaardigste verskynsels op sowel personalistiese as personologiese gebied is die feit dat van die fynste sieninge op menswees as persoonwees deesdae vanuit 'n vakgebied afkomstig is waarvan 'n mens dit kragtens die pynlike naturalisties-positiwistiese inslag daarvan eintlik nie sal verwag nie. By diepere nadenke besef 'n mens dat dit nie anders kan wees nie, daarom is die blydskap oor en die dankbaarheid vir hierdie nuwe so groot. Hierdie vakgebied is die geneeskunde, insonderheid die neurologie en die psigiatrie. 'n Ewe merkwaardige verskynsel is die feit dat medici en veral psigoterapeutici in by uitstek die teenswoordige Oostenryk, bo en behalwe hulle geskooldheid in die geneeskunde, gepromoveerdes, of dan minstens uitstekend onderlegdes ook in die wysbegeerte is. Daar is, om maar enkeles te noem, die oueres soos Rudolf Allers en Oswald Schwarz, verder Viktor von Gebsattel, Gustav Vogel, Paul Matussek, en die markantste van almal, Viktor Frankl (1905-). Terloops: die bekende eksistensiefilosoof, Karl Jaspers, is geen gepromoveerde in die filosofie nie, maar in die geneeskunde. Hy het vanuit hierdie vakgebied via die psigiatrie by die filosofie uitgekom.

Wat is die verskil tussen hierdie vierde golf personalistiese denke en die voorafgaande? Die verskil lê myns insiens hierin, naamlik dat dit nie gaan om 'n besinning oor menswees as persoonwees vanagter die lessenaar in die vreedsame ure van die middernagtelike stilte nie, maar uit die intense worstelinge met die tergende banaliteite van elke dag. En dit is met die mens wat in die praktiese situasie op intens aktuele wyse met vraagstukke

---

[33]) BRUNNER, E.: *Christlicher Existentialismus*, pp. 6-13, Zürich, 1956.
[34]) Kyk *Gedenkbundel Kohnstamm*: *Die Mensbeeld by Viktor Frankl*. In die pers.

aangaande die lewe en die sin daarvan gekonfronteer is. Hierdie personologiese kom nie en word nie toegepas uit en op die stryd om die bestaan nie, maar die stryd om die *sin* van die bestaan. Dieper gesien, gaan dit om die herwinning van die betekenis van die *lyding* in die aangesig van die loëning van die sin van die lewe.

By die begin van hierdie artikel is beweer dat onversigtige vakwetenskaplike benadering maklik tot vakwetenskaplike verabsolutering aanleiding kan gee, ten gevolge waarvan die visies op die synsgrootheid ‚persoon' in 'n reeks -ismes kan verval, en dat sulks veral die geval uit die biologie, die psigologie en die sosiologie is. Nou tref dit in 'n buitengewone mate dat hierdie vierde golf personalistiese denke voortdurend regstreeks en onregstreeks teen bepaalde -ismes veg. Dit geld veral Matussek en Frankl. Hulle stel alles in die werk om die nihilisme op dié gebiede te oorwin.

Die term nihilisme word veelvuldig gebruik; hy word selfs gediagnoseer, maar selde geformuleer. Ten gevolge hiervan word so dikwels uit die oog verloor dat nie daardie iemand nihilis is wat vroeg en laat oor die niks praat nie, maar dat hy hom veeleer deur 'n wending in sy redeneertrant laat uitvang. Dit is nie die syn as sodanig wat geloën word nie, maar wel die *sin* daarvan. Die nihilis beweer geensins dat daar in werklikheid niks is nie, maar *dat daar niks anders nie* as byvoorbeeld fisiese, chemiese, biologiese, psigologiese of sosiologiese feitelikhede is. Dit is 'n reduksiepsel wat uitgevoer word: die wêreld, die lewe, die mens, is niks anders nie as . . . In so goed as elke geval word die mensbeeld versplinter: die mens is niks anders nie as 'n fisies-chemiese meganisme, 'n bondel drifte, 'n refleksoutomaat, 'n produk van bloed en bodem, van erflike faktore en milieukondisies. Die mens kom dus as 'n marionet te voorskyn; van die ware mensbeeld word 'n karikatuur gemaak; die werklike mens word 'n homunkulus. Nou is dit teen hierdie nihilisme dat Frankl en sy medestanders hulle verweer; dit is ten behoewe van die oorwinning van die homunkulusme dat hulle hul beywer.

Hierdie nihilisme op psigiatriese gebied is in drie vorme herkenbaar, naamlik as biologisme, as psigologisme en as sosiologisme. Hoe ontstaan die biologisme uit die biologie, die psigologisme uit die psigologie en die sosiologisme uit die sosiologie? Hulle is die neerslae van 'n redenering waarby gewoonlik twee foute insluip. Eerstens word alle resultate van navorsing tot daardie een gebied gereduseer en veralgemeen. Tweedens word die eie resultate op ander, selfs disparate verskynsels oorgedra, dus deur grensoorskryding en verabsolutering van eie gegewens. Wanneer 'n dieptepsigoloog alles tot drifte reduseer, dan veralgemeen hy. Wanneer hy verder gaan en beweer dat daar niks anders nie as driftelikheid bestaan, en dat ook die geestelikheid as 'n epifenomeen van die driftelikheid beskou moet word, dan verabsoluteer hy. Vooraf word alles oor een lees getrek, maar by hierdie een lees waaroor alles getrek is, word nie gebly nie!

Menswees as persoonwees is veeldimensioneel, maar nogtans eenheid. Die eerste dimensie van menswees is sy biopsigiese toerusting of

aanleg waarmee sowel die biologie as die psigologie te doen kry. Tweedens is daar die sosiale wat deur die sosiologie verantwoord word. Die biopsigiese en die sosiale verteenwoordige die naturale feitelikhede van menswees. *Nou maak nòg die biopsigiese nòg die sosiale, nòg hulle moontlike gesamentlikheid die kenmerkende van menswees as persoonwees uit. Persoonwees kenmerk hom juis deur 'n radikale oorskryding van hierdie faktisiteite.* Daar is die onmiskenbare feit van die personale instelling, die persoonlike stellingname teenoor sowel die biopsigiese faktisiteit as die situasie in die milieu. Houdinginname is nie afhanklik van of reduseerbaar tot die feitelikhede van die genoemde wetenskappe nie. Dit word gemotiveer deur en vanuit 'n dimensie van sy eie, naamlik dié van die vryheid om beslissinge te kan neem. Met menswees hang die oerfeit van persoonwees saam, en met persoonwees is onlosmaaklik verbonde die oerfeit van die vryheid. Nou sê vryheid as sodanig en op sigself totaal niks nie. Vryheid op die vlak van die personale dui altyd op twee ander sake, naamlik 'n vryheid *waarvan* en 'n vryheid *waartoe.* Die vryheid *van* iets beteken die nie-gedetermineerdheid deur óf biopsigiese óf sosiale óf albei faktore saam. Wanneer sulks die geval is, beteken dit vryheid *tot* verantwoordelikheid, en wel 'n verantwoordelikheid *voor* iets of Iemand. Die vryheid is die mens gegee om sy aangesprokenheid tot verantwoordelikheid te aanvaar of nie te aanvaar nie. Die oerfeit van die vryheid dwing telkens tot 'n keuse. Met hierdie derde dimensie hang 'n vierde integraal saam, naamlik dié van die eksistensiële omstelling. Hierdie daad van die omstelling is wesenlik die antwoord op die aangesprokenheid om die vryheid te gebruik. Ons is verplig om van ons vryheid gebruik te maak! Immers, ons is tot keuses genoodsaak, want so iets as ‚Selbstverständlichkeit' op personale vlak bestaan net nie. In sy jongste werk (1956) skrywe Frankl soos volg: „Ich musz mir nicht alles von mir selber gefallen lassen. Ich kann abrücken von dem, was sich in mir befindet — nicht nur vom Normalpsychischen, sondern bis zu einem gewissen Grade, innerhalb verschiebbaren Grenzen- auch vom psychisch Abnormen in mir. So bin ich denn auch nicht glattwegs an Dinge wie etwa den biologischen Typus, den ich repräsentiere, oder den psychologischen Charakter gebunden. Denn einen Typus oder einen Charakter 'habe' ich ja blosz — was ich hingegen ‚bin' ist Person. Und dieses mein Personsein bedeutet Freiheit — Freiheit zum Persönlichkeit*werden.*"[35])

Daar is drie groothede — Frankl praat van momente — waardeur menswees tot die status van persoonwees uitgelig word. Hierdie groothede is die eksistensialia, — sowel die karakteristika as die konstitutiva — van menswees, naamlik geestelikheid, vryheid en verantwoordelikheid. Die *geestelikheid* van die mens en dus van persoonwees as 'n grootheid met 'n geestelike kern is geen epifenomeen nie; dit is van niks anders afleibaar en tot niks anders herleibaar nie. „Sie ist irreduzibel und indeduzibel. Wenn beispielsweise ein Autor meint, folgendermaszen argu-

[35]) Frankl, V. E.: *Theorie und Therapie der Neurosen*, p. 151. Wien, 1956.

mentieren zu können: Geben wir einem Kretin Injektionen von Schilddrüsenhormonen, so nimmt seine Intelligenz zu; folglich ist Geist 'nichts anderes als' Schilddrüsenhormon — so verwechselt der betreffende Autor im Grunde nur eines: dasz das Geistesleben von irgend etwas anderem sehr wohl bedingt sein kann, ohne deshalb aber dadurch bewirkt zu sein. Normale somatische Funktionen sind die Bedingung der Entfaltung des Geistigen, sie bewirken und erzeugen es nicht. Ein normaler funktionierender psychophysischer Organismus ist also nicht mehr, aber auch nicht weniger als die Bedingung für die Entfaltung der geistigen Person."[36])

Om hierdie uitgesproke anti-naturalistiese en anti-biologistiese gedagte van Frankl te verstaan, moet ons steeds daaraan gedagtig bly dat die fisies-chemiese struktuurlaag volstrekte voorwaarde vir die bestaan en die funksionering van die daarop steunende hoëre lae is. Wanneer die basis nie normaal funksioneer nie, sal die totale daarop steunende struktuur die invloed daarvan ondergaan. Hierdie toedrag van sake is egter niks meer nie as loutere voorwaarde, en in geen geval 'n verklaringsgrond nie. Die organiese het sy eie wetlikheid, so ook die animaal-psigiese en die geestelike of die noëtiese. Die hoëre steun op en veronderstel die ander, maar is nie daaruit afleibaar en verklaarbaar nie.

Aangaande die geestelikheid as eksistensiaal van menswees skrywe Frankl soos volg: „Das Geistige ist nicht etwas, das den Menschen blosz kennzeichnet, nicht anders als etwa das Leibliche und das Seelische dies tun, die ja auch dem Tier eignen; sondern das Geistige ist etwas, das den Menschen auszeichnet, das nur ihm und erst ihm zukommt."[37]) In verband met hierdie eksistensiaal, naamlik die geestelikheid, moet daarop gewys word dat Frankl die onbewuste by die mens as geestelike eksistensie met nuwe inhoude vul. Nou is dit so dat in die lig van die eensydigheid van die outomatie van die psigiese apparatuur as drifdinamiek en -energetiek die outonomie van die noëtiese geponeer word. Vir hom is daar nie net die driftelik nie, maar ook die geestelike onbewuste. Hierdeur word die inhoud van die geestelike wesenlik verruim en word dit gesien as die draer van sowel driftelikheid as geestelikheid. Dit is op grond hiervan dat hy nooit van *psigo*analise en *psigo*terapie praat nie, maar steeds van *eksistensie*-analise en *logo*terapie. En dit is 'n analise en terapie „vom Geistigen her und auf Geistiges hin."

Aangaande die tweede eksistensiaal, naamlik die vryheid, kortliks ook nog die volgende. Die vryheid as 'n vryheid *van* iets is 'n vryheid van drieërlei, naamlik van driftelikheid, erflikheid en milieu. Die mens het drifte en hy moet drifte hê, maar hierdie drifte mag hom nie hê nie.[38]) Aangaande die erflikheid: die mens het 'n sielkundige karakter, maar wat daarvan gaan word, is nie daarvan afhanklik nie. En wat die omgewing betref: die omgewing maak nie die mens nie; dit is die mens wat met en uit

---

[36]) FRANKL, V. E.: *Aangehaalde Werk*, pp. 151-152.
[37]) FRANKL, V. E.: *Aangehaalde Werk*, p. 173.
[38]) Kyk o.a. *Der Unbedingte Mensch*. Wien, 1949.

sy omgewing iets maak. Menswees as persoonwees kan nooit verkeerder gesien word as dat hy die blinde produk van erflikheidsfaktore en milieukondisies sou wees nie.[39]) *Tertium datur*: daar is steeds 'n derde moontlikheid, naamlik die beslissing as eksistensiële omstelling. Erflikheid en omgewing is nie iets nie, maar *geleenthede tot iets*. Verder: die vryheid is nie net 'n vryheid van die drifte, die erflikheid en die omgewing nie, maar vryheid tot verantwoordelikheid, en dit is ver-antwoording vir iets en voor Iemand! Verantwoordelikheid voor Iemand beteken om aangesprokene deur Iemand te wees. En dit is die essensie van menswees as persoonwees.[40])

Frankl gee sy visies oor die persoon in 'n aantal stellinge[41]) wat ek graag soos volg sal wil saamvat om daarmee dan ook hierdie artikeltjie af te sluit. (*a*) As persoon is ek indiwidu en dus ondeelbare eenheid. My indiwiduskap verwortel my ook in die dimensies van die benedepersonale; (*b*) Ek is nie net individuum of in-divisible nie, maar ook insummabile, dit wil sê onversmeltbaar en nie voortplantbaar nie. Die persoon, die personale gees, die geestelike eksistensie kan nie oorhandig word nie; (*c*) As numeriese verenkeldheid is elke persoon 'n absolute novum. Biologies en ontogeneties is die aardse ouer die verwekker van elke nuweling. Ontologies is God die Skepper van daardie wese; (*d*) Die persoon is geestelikheid waarkragtens hy fakultatief-normatief teenoor sy psigofisikum staan. Die persoon het behoefte aan sy organisme wat hy as werktuig moet gebruik. As persoon staan hy egter altyd agter sy eie rug. Hy swewe oor die lewe waaraan hy klewe; (*e*) Die persoon is eksistensieel- ‚Menschsein heiszt entscheidendes Sein', dus meer as ‚Getriebensein'. Telkens moet hy besluit wat hy die volgende oomblik gaan wees, daarom is hy en bly hy moontlikheid en waagstuk; (*f*) Die persoon is ekkelik- Ichhaft- en nie ‚Eshaft' soos Freud betoog nie. Dit is inderdaad die transendentaliteit van die ek wat persoon is: die persoonsek verhef elke situasie tot sedelike aangeleentheid; (*g*) Die moontlikheid van verheffing en eksistensiële omstelling word, ontologies gesien, voorafgegaan deur momente van behoorlikheid, daarom val in ontologiese opsig persoon en behoorlikheid ook saam; (*g*) Die transendentale ek met sy verheffende en normerende krag is via die persoonskern 'n introjeksie vanuit die Transendente of die Absolute, daarom dat persoonwees aangesprokenewees beteken, en synde dit, is verantwoordelikheidsaanvaarding die hoogste sieraad van menswees; (*h*) Die persoon is nie net eenheid en geheelheid nie, maar stig ook eenheid en geheelheid. Die persoon is die eenheidsbindende funksie van lyf, siel en gees, daarom is hy lyf-siel-geeseenheid. Hy is dinamies-funksioneel en as sodanig nie verdinglik- of hipostaseerbaar nie; (*i*) Die persoon is gevalle of versteurde ewebeeldigheid van God, daarom kan hy homself slegs vanuit die Transendente begryp. Die persoon is persoonlikheid telkens in dié

---

[39]) Kyk bv. die laaste hoofstuk in *Pathologie des Zeitgeistes*. Wien, 1955.
[40]) Kyk o.a. *Der Unbewusste Gott*. Wien, 1948.
[41]) Kyk sy *Logos und Existenz*. Wien, 1951.

mate as wat hy vanweë sy gepersoneerdheid vanuit die Transendente — ‚durchtönt und durchklungen vom Anruf der Transzendenz' — op hierdie aangesprokenheid in vrywillige gehoorsaamheid respondeer. Hierdie wekroep vanuit die Transendente beluister hy in die gewete as stem. Agter die gewete as voor-laaste staan die Persoon van God, daarom kan die mens homself ook nooit ontwerp nie. Die *inventio hominis* voltrek hom in die *imitatio Dei*.

Oor die golf personalistiese denke wat tans besig is om hom aan die gesingseinder duidelik af te teken, naamlik 'n personaal-pedagogiese, word nie gehandel nie. Dié sal in 'n afsonderlike artikel nadere uitbouing geniet.[42])

C. K. OBERHOLZER.

Universiteit,
PRETORIA,
Julie 1957.